CITY OF TSHWANE
IGNITING EXCELLENCE

# Inwonersgids oor verordeninge en ander wetgewing

## Hierdie gids handel oor die Stad Tshwane se verordeninge en ander wetgewing wat deur die instelling geadministreer en afgedwing word. Die doel met die gids is om –

- *die verordeninge en verwante inligting eenvoudig op te som; en*
- *begrip van die verordeninge en ander toepaslike wetgewing te kweek.*

Let wel:
Wet: Wetgewing wat deur die parlement voorgestel en goedgekeur word.
Regulasie: Wetgewing met betrekking tot 'n spesifieke wet wat deur 'n gemagtigde regeringsminister goedgekeur word.
Verordening: Wetgewing wat deur 'n plaaslike owerheid goedgekeur word.

# Inhoud en kitsverwysingsgids


| Verordening/wetgewing | Bl | Departement | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|---|
| Verordening op Openbare Geriewe | 3 | Landbou en Omgewingsbestuur | Oorde: 012 341 1415<br>Parke en die sny van gras: 012 358 8815 |
| Gesondheidsverordening op Kindersorgdienste | 5 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Gesondheidsverordening op Tehuise vir Bejaardes | 6 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Gesondheidsverordening op die Bestuur van Inisiasieskole | 7 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Gesondheidsverordening op die Aanhou van Diere, Voëls en | 8 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Gesondheidsregulasies:<br>• Algemene Vereistes vir Higiëne by Kospersele en die Vervoer van Kos | 9 | Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling | 012 358 4656 |
| Regulasies op Geraasbeheer | 10 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Wet op die Beheer van Tabakprodukte, en Regulasie op die Rook | 10 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Wet op Voedselware, Skoonheidsmiddels en | 11 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Wet op Gesondheid (Wet 63 van 1977 en Wet 61 van 2003) | 11 | Gesondheid en | 012 358 4656 |
| Gesondheidsregulasies:<br>• Melkskure en die Vervoer van Melk | 12 | Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling | 012 358 4656 |
| Wet op Besighede | 13 | Ekonomiese Ontwikkeling | Lisensies: 012 358 1416; 012 358 0699; 012 358 4490; 012 358 4012 |
| Verordening op Straathandel | 15 | Ekonomiese Ontwikkeling | Permitte: 012 358 1416; 012 358 4383; 012 358 4019; 012 358 0699 |
| Verordening op Begraafplase en Krematoriums | 16 | Landbou en | 012 358 8815 of 012 358 8936 |
| Verordening op die Tshwane-mark | 17 | Ekonomiese | 012 358 2398 |
| Verordening op Buitelugreklame | 19 | Stadsbeplanning, | 012 358 7694 of 012 358 7651 |
| Verordening op Wonderboom-lughawe | 21 | Openbare Werke en | 012 567 1188/9 |
| Verordening op Brandweerdienste | 22 | Gemeenskapsveiligheid | Sentraal: 012 358 6255<br>Noord: 012 358 9964 |
| Verordening op Parkeermeters | 24 | Gemeenskapsveiligheid | 012 358 5307 of 012 358 7167 |
| Verordening op Watervoorsiening | 25 | Openbare Werke en | 012 358 9999 |
| Verordening op Sanitasie | 27 | Openbare Werke en | 012 358 9999 |
| Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening | 28 | Openbare Werke en Infrastruktuurontwikkeli | 012 358 9999<br>Tolvry 080 1111 556 |
| Verordening op Vaste Afval | 30 | Landbou en Omgewingsbestuur | Asblikke nie leeggemaak nie: 012 358 9461<br>Navrae omtrent huishoudelike asblikke: 012 358 0554 / 0526 |
| Gautengse Regulasie op die Bestuur van Afval wat ’n Gesondheidsrisiko inhou | 32 | Gesondheid en Maatskaplike | 012 358 4656 |
| Verordening op die Aanhou van Bye | 33 | Landbou en | 012 379 3123 of 012 377 0568 |
| Verordening op Kredietbeheer | 34 | Finansiële Dienste | 012 358 9999 |
| Verordening op Eiendomsbelasting | 35 | Finansiële Dienste | 012 358 9999 |
| Stadsbeplanningskema | 36 | Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste | Algemene klagtes per e-pos: landusecomplaints@tshwane.gov.za<br>Sentrale en Oostelike Steek: 012 358 8761<br>Noord-oostelike en Westelike Streek: 012 358 4568<br>Suidelike Streek: 012 358 3899<br>Onwettige buitelugreklame: 012 358 4582 / 8688 |
| Verordening op Dwelmmisbruik | 38 | Gemeenskapsveiligheid | Programme vir die voorkoming van maatskaplike misdaad: 012 358 3754/3016<br>Misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp: 012 |
| Algemene inligting | 40 | | |

# Verordening op Openbare Geriewe

**’n Openbare gerief word gedefinieer as –**

enige grond, kampeerplek, swembad, openbare oord, ontspanningsplek of park of natuurbewaringsgebied wat deur die Munisipaliteit besit, gehuur of beheer word en waartoe die publiek toegang het, hetsy of hulle daarvoor toegangsgeld betaal of nie.

**Doel met die Verordening**

Om sekere sake rakende die gebruik van openbare geriewe van die Stad Tshwane te reguleer.

*Die Verordening op Openbare Geriewe reguleer munisipale geriewe om te verseker dat dit op ’n veilige en ordelike manier gebruik word en bydra tot die welsyn van mense en die omgewing.*








## Opsomming van die Verordening

Die Verordening op Openbare Geriewe maak spesiale voorsiening vir die gesondheid, veiligheid en instandhouding van die stad se openbare geriewe. Die Verordening behels die volgende:

- Maksimum getal besoekers
- Toegang tot en besoek aan ’n openbare gerief
- Instruksies oor die hantering van diere in openbare geriewe
- Instruksies oor die hantering van plante in openbare geriewe
- Toegangsgelde
- Gebruik van speelapparaat en speelgrondtoerusting
- Verbode optrede en gedrag
- Gesondheidsake
- Drank, kos en vure
- Geen gedrentel nie
- Geen vergaderings of optogte sonder geskrewe vooraftoestemming van die Munisipaliteit nie
- Instruksies oor die gebruik van voertuie by openbare geriewe
- Geen onbehoorlike en aanstootlike gedrag nie
- Magte van munisipale personeel om beheer oor openbare geriewe uit te oefen
- Naam en adres van gemagtigde munisipale beamptes
- Verbod op die gebruik van bote sonder permitte
- Voorskrifte vir hengel by openbare geriewe
- Voorskrifte vir kamp by openbare geriewe
- Voorskrifte vir die gebruik van grotte by openbare geriewe
- Verlore eiendom

Die Verordening behels ook die volgende bepalings:

- Geen argeologiese, geologiese of historiese materiaal in of by die openbare gerief mag versteur of verwyder word nie.
- Geen persoon of instelling mag sonder toestemming enige aktiwiteit, ontwikkeling of verbetering in of by die openbare gerief beplan of uitvoer nie.
- Niemand mag sonder toestemming enige grond, klippe, sand of plante van enige openbare gerief verwyder nie.

# Verordening op Openbare Geriewe




### Hoe om aan die Verordening te voldoen

Tree altyd  in ooreenstemming met die kennisgewings by openbare geriewe op en moenie enige van die speeltoerusting, plante of ander materiaal beskadig nie. Respekteer die diere by ons openbare geriewe en rapporteer enige stropery wat jy sien.

Onthou ons openbare geriewe is bedoel vir alle inwoners, oud en jonk!

### Navrae of besprekings

- Vir oorde (soos die Fonteine, Derdepoort en Ga-Mothakga), swembaddens en natuurreservate en natuurgebiede (soos Rietvlei en die Austin Roberts-voëlskuiling), bel 012 341 1415 (algemene navrae).
- Vir parke en die sny van gras in parke en op verkeerseilande, bel 012 358 8815. Vir die huur van parke, bel 012 358 0495.

### Straf

- Enigeen wat enige bepaling van die Verordening oortree kan ’n boete van tot R10 000,00 of tronkstraf van tot 12 maande opgelê word.

### Gevolge van nienakoming

Die oortreding van die Verordening op Openbare Geriewe sal die stad se natuurgebiede benadeel, wat op sy beurt nadelig vir die gesondheid en welsyn van die mense van Tshwane is.



# Gesondheidsverordening op Kindersorgdienste

Die Gesondheidsverordening op Kindersorgdienste reguleer die standaardvereistes vir kindersorgdienste in die jurisdiksiegebied van die Stad Tshwane. Die vereistes in die Verordening is gemik op ontwikkelde en onontwikkelde gebiede en vir verskillende kategorieë kinders.

### Definisie van ’n kindersorgdiens

Enige gebou of perseel wat in stand gehou of gebruik word, hetsy met die oog op wins of nie, vir die tydelike en gedeeltelike versorging van kinders jonger as 18 jaar in die afwesigheid van hul ouers. Dit sluit enige kosskool, skoolkoshuis of inrigting wat hoofsaaklik vir die onderrig en afrigting van kinders in stand gehou of gebruik word en wat deur die staat beheer word of deur die staat geregistreer of goedgekeur is.

### Doel met die Verordening

Om te verseker dat die kindersorgdienste in Tshwane aan bepaalde gesondheidsvereistes voldoen sodat kinders ’n veilige en gesonde omgewing vir leer en groei het.

---

*Die Gesondheidsverordening op Kindersorgdienste stel eenvormige standaarde vir kindersorg-dienste in Tshwane.*

---




### Nakoming van die Verordening

Jy moet ’n gesondheidsertifikaat hê om ’n kindersorgdiens te bedryf. Kontak die Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656 om daarvoor aansoek te doen.

As ’n kindersorgdiens ’n kombuis het waar kos voorberei en aan kinders verskaf word, moet jy ’n R918-sertifikaat (sertifikaat van aanvaarding as kosperseel) hê. Om vir hierdie sertifikaat aansoek te doen, kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

Al twee sertifikate moet op die perseel vertoon word.

### Straf

Oortreding van die Verordening kan lei tot ’n kennisgewing aan jou om aan die Verordening te voldoen, of ’n boete van tot R20 000,00. Die gesondheidsertifikaat kan ook teruggetrek word.

### Gevolge van nienakoming

As mense die Gesondheidsverordening op Kindersorgdienste oortree, kan kinders se gesondheid in gevaar gestel word.

# Gesondheidsverordening op Tehuise vir Bejaardes

Die Verordening stel eenvormige standaardvereistes vir tehuise vir bejaardes in die jurisdiksiegebied van die Stad Tshwane. Die vereistes hou verband met verskillende kategorieë bejaarde mense wat by hierdie tehuise geakkommodeer word. Omgewingsgesondheidspraktisyns bepaal of ’n perseel aan die vereistes voldoen of nie, gebaseer op hul kwalifikasies.

Bejaardes word soos volg gekategoriseer:

- Kategorie A: Inwoners ouer as 55 jaar, in die algemeen gesond en in staat om vir hulself te sorg
- Kategorie B: Inwoners ouer as 55 jaar, in die algemeen gesond maar nie in staat om vir hulself te sorg nie
- Kategorie C: Inwoners ouer as 55 jaar wat voortdurend mediese toesig nodig het en gewoonlik in ’n eenheid vir verswaktes van ’n tehuis vir bejaardes bly

## Definisie van ’n tehuis vir bejaardes

Enige onderneming of diens wat die versorging van ouer mense behels, insluitend die gebou of perseel wat vir die onderneming of diens gebruik word, welke onderneming of diens en welke gebou of perseel by die Afdeling Gesondheidsdienste geregistreer moet wees

## Doel met die Verordening

Om te verseker dat tehuise vir bejaardes in Tshwane aan bepaalde gesondheidsvereistes voldoen sodat bejaardes in veilige en gesonde omstandighede kan leef.

*Die Verordening op Tehuise vir Bejaardes stel eenvormige standaarde vir dienste wat na die stad se bejaardes omsien.*

## Nakoming van die Verordening

Jy moet ’n gesondheidsertifikaat hê om ’n tehuis vir bejaardes te bedryf. Om vir ’n gesondheidsertifikaat aansoek te doen, kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

As ’n tehuis vir bejaardes ’n kombuis het wat kos vir bejaardes voorberei en bedien, moet jy ’n R918-sertifikaat (sertifikaat van aanvaarding as ’n kosperseel) hê. Om vir hierdie sertifikaat aansoek te doen, kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

Al twee sertifikate moet op die perseel vertoon word.

## Straf

Oortreding van die Verordening sal lei tot ’n kennisgewing aan jou om aan die Verordening te voldoen, of ’n boete van tot R20 000,00. Die gesondheidsertifikaat kan ook teruggetrek word.

## Gevolg van nienakoming

As mense die Verordening oortree, stel dit die gesondheid van bejaardes aan gevaar bloot.

# Gesondheidsverordening op die Bestuur van Inisiasieskole

Op grond van gesondheidsbeginsels stel die Verordening standaardvereistes vir inisiasieskole in die jurisdiksiegebied van die Stad Tshwane. Aangewese beamptes van die Departement Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling inspekteer die inisiasieskole en hanteer klagtes oor hulle. Omgewingsgesondheidspraktisyns bepaal of die perseel die Verordening nakom of nie, gebaseer op hul kwalifikasies.

## Doel met die Verordening

Om te verseker dat inisiasieskole in Tshwane aan bepaalde gesondheidsvereistes voldoen sodat tradisionele praktyke op ’n veilige en gesonde manier uitgevoer kan word. Die Verordening omskryf die volgende:

- Aansoek om die registrasie en bedryf van ’n inisiasieskool
- Toestemming om besnydings by inisiasieskole uit te voer
- Toegang tot inisiasieskole (byvoorbeeld, ’n persoon van 15 jaar of ouer mag toegelaat word, maar as die persoon jonger as 21 jaar is, moet die ouer of voog op die voorgeskrewe toestemmingsvorm toestemming gee)
- Sluiting van inisiasieskole
- Stigting van ’n advieskomitee vir ’n inisiasieskool
- Duur van inisiasieskole (’n inisiasieskool mag nie vir langer as 90 dae bedryf word nie en mag slegs in amptelike skoolvakansies bedryf word)
- Behandeling van besnydenes (byvoorbeeld, besnydenes mag nie aan fisieke lyding blootgestel word nie)
- Kulturele etiek en inspeksie van inisiasieskole (beamptes wat inisiasieskole inspekteer moet vertroud met die verrigtinge van hierdie skole wees)

---

*Die Verordening stel eenvormige standaarde vir inisiasieskole in Tshwane.*

---

## Nakoming van die Verordening

Jy moet ’n gesondheidsertifikaat hê om ’n inisiasieskool te bedryf. Om vir hierdie sertifikaat aansoek te doen, kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

## Straf

Oortreding van die Verordening sal lei tot ’n kennisgewing aan jou om aan die Verordening te voldoen, of ’n boete van tot R20 000,00. Die gesondheidsertifikaat kan ook teruggetrek word.

## Gevolg van nienakoming

As mense die Verordening oortree, mag die besnydenes ’n gesondheidsrisiko loop.

# Gesondheidsverordening op die Aanhou van Diere, Voëls en Pluimvee

Die Verordening reguleer die aanhou van diere deur inwoners van Tshwane, hetsy vir huishoudelike of besigheidsdoeleindes, om gesondheidsgevare te vermy. Die beginsels van openbare gesondheid word deur omgewingsgesondheidspraktisyns toegepas om te bepaal of ’n situasie tot ’n gesondheidsgevaar kan lei. Vereistes word gestel vir strukture, die verwydering van mis en besmettingsbestuur. Die volgende word in die Verordening behandel:

- Algemene bepalings (byvoorbeeld, niemand mag ’n dier mishandel of laat honger ly nie)
- Hokke en persele vir die aanhou van lewende hawe
- Persele vir die aanhou van diere, voëls en pluimvee
- Die aanhou van beeste, perde, muile en donkies
- Die aanhou van varke
- Die aanhou van bokke en skape
- Die aanhou van pluimvee, voëls en konyne
- Handelaars in lewende hawe en ander sake wat verband hou met die aanhou van diere en pluimvee
- Bewaarplekke vir honde en katte
- Troeteldierwinkels en -salonne
- Smous met pluimvee en konyne
- Die aanhou van diere op ’n manier wat hulle sal keer om ’n ergernis te veroorsaak
- Kwaai honde, en tewe op hitte
- Honde wat ’n ergernis veroorsaak
- Honde aan leibande in openbare plekke
- Geen uittarting van honde nie
- Bepalings vir skutmeesters, skutprosedures en die skut van diere
- Verkoop of vernietiging van onopgeëiste diere
- Dagvaarding aan die eienaar om ’n dier vir ’n hofinspeksie na vore te bring
- Magte van beamptes rakende die voorkoming van wreedheid teenoor diere
- Verbod op die reël van dieregevegte

### Doel met die Verordening

Dat mense wat diere aanhou seker maak dat die gesondheid van mense en diere bewaar word en dat daar behoorlik na diere omgesien word

### Nakoming van die Verordening

Kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheids-dienste by 012 358 4656 vir navrae oor die nakoming van die Verordening of om ’n klagte aan te meld.

### Straf

Verontagsaming van die Verordening kan lei tot ’n kennisgewing om aan die Verordening te voldoen, of ’n boete van tot R20 000,00.

### Gevolg van nienakoming

As mense nie aan die Verordening voldoen nie, kan dit die natuurlike omgewing en die gesondheid van inwoners benadeel.

# Regulasie 918 op Algemene Vereistes vir Higiëne by Kospersele en die Vervoer van Kos

Die Regulasie is uitgevaardig kragtens artikel 35 gelees met artikel 40 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977). Dit stel vereistes vir die algemene higiëne van kospersele en die vervoer van kos. Dit reguleer alle aspekte van persele waar kos hanteer en voorberei word (dit sluit die heropwarming van voorbereide kos in, maar sluit voorafverpakte kos uit).

### Doel met die Regulasie

- Om te verseker dat persele waar kos voorberei word en die vervoer van kos die standaarde vir gesondheid en higiëne nakom.

---

*Regulasie 918 is van toepassing op persele waar kos voorberei word en op die vervoer van kos om sodoende die gesondheid van Tshwane se inwoners te beskerm.*

---

### Nakoming van die Regulasie

Niemand mag ’n kosperseel (soos ’n restaurant of wegneemetewinkel) sonder ’n R918-sertifikaat bedryf nie. Kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656 om vir ’n R918-sertifikaat aansoek te doen.

### Straf

Versuim om aan die  Regulasie te voldoen kan lei tot ‘n kennisgewing om daaraan te voldoen, of ‘n boete.

### Gevolg van nienakoming

As persele nie aan Regulasie 918 voldoen nie, kan dit die gesondheid van die stad se inwoners benadeel.

# Artikel 48 van die Wet op Gesondheid, en Regulasies op Begrafnisondernemers

Regulasies op begrafnisondernemers is kragtens artikel 33 en 39 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), soos gewysig, uitgevaardig. Dit sit strukturele en higiënevereistes vir die persele van begrafnisondernemers uiteen. Artikel 48 van die Wet stel vereistes vir die verwydering van ’n lyk vir begrawing of vir die hantering van die oorskot van mense wie se dood gesertifiseer is as die gevolg van ’n aansteeklike siekte en verwante sake.

### Doel met die Regulasies

Om te verseker dat begrafnisondernemers standaarde vir gesondheid en higiëne nakom

### Nakoming van die Regulasies

Niemand mag enige lyk op die perseel van ’n begrafnisondernemer voorberei sonder ’n bevoegdheidsertifikaat van die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste nie. Bel 012 358 4656 om vir die sertifikaat aansoek te doen. As jy vermoed dat die lyk van iemand wie se dood gesertifiseer is as die gevolg van ’n aansteeklike siekte nie ooreenkomstig die bepalings van artikel 48 van die Wet hanteer is nie, bel 012 358 4656 om die oortreding te rapporteer.

# Regulasies op Geraasbeheer

Hierdie Regulasies is onder artikel 25 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989) uitgevaardig. Dit hou verband met alle kwessies van geraasbesoedeling en sit die magte van plaaslike owerhede en buurtwagkomitees uiteen.

## Nakoming van die Regulasies

Niemand mag ’n steurende geluid of ’n geraassteurnis maak, voortbring of veroorsaak nie, of toelaat dat dit gemaak, voortgebring of veroorsaak word deur ’n persoon, dier, masjien, toestel of apparaat of enige kombinasie van hierdie middels nie. As jy ’n geraas wil rapporteer of wil uitvind hoe om die Regulasies na te kom, bel 012 358 4656 (die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste).

## Straf

Oortreding van die Regulasies sal lei tot ’n kennisgewing om daaraan te voldoen. As jy steeds nie daaraan voldoen nie, kan regstappe teen jou geneem word en jy kan ’n boete opgelê word.

# Wet op die Beheer van Tabakprodukte, en Kennisgewing oor Regulasie 975 op die Rook van Tabakprodukte in Openbare Plekke

Die doel met die Wet is om rook in openbare plekke te verbied of te verminder, om sekere aspekte van die verkoop of adverteer van tabakprodukte te reguleer, om voor te skryf wat op sigaretpakkies mag verskyn en om voorsiening te maak vir verwante sake. Die Kennisgewing is uitgevaardig kragtens artikel 2 van die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet 83 van 1993).

## Nakoming van die Regulasie

Die rook van tabak word in sekere openbare plekke toegelaat, op voorwaarde dat die vereistes van die Regulasie nagekom word. As jy ’n oortreding wil aanmeld of wil uitvind hoe om aan die Regulasie te voldoen, bel 012 358 4656 (die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste).

## Straf

As jy die Regulasie oortree, kan jy ’n kennisgewing kry om daaraan te voldoen. As jy voortgaan om dit te oortree, kan regstappe teen jou geneem word, en jy kan beboet word.

# Wet op Voedselware, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972)

Die Wet sit die beheer van die verkoop, vervaardiging en invoer van voedselware, skoonheidsmiddels en ontsmettingsmiddels uiteen en maak voorsiening vir bykomende sake soos beslaglegging op en verbeuring van voedselware wat nie aan die vereistes van regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, voldoen nie.

### Nakoming van regulasies

Voedselware wat nie vir menslike verbruik geskik is nie en wat kragtens die Wet weggemaak moet word, kan by munisipale opvullingsterreine gelaat word. Dit kan slegs gedoen word as jy ’n sertifikaat van die Afdeling Gesondheidsdienste het wat verklaar dat die voedselware nie vir menslike verbruik geskik is nie. Die sertifikaat is gratis beskikbaar. As jy ’n oortreding van die regulasies wil rapporteer of wil uitvind hoe om daaraan te voldoen, bel 012 358 4656 (die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste).

### Straf

As jy hierdie regulasies oortree, kan jy ’n kennisgewing kry om daaraan te voldoen. As jy dit steeds nie doen nie, kan regstappe teen jou geneem word of jy kan beboet word.

# Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977)

Die Wet sit die pligte en magte van plaaslike owerhede rakende enige ergernis, onhigiëniese toestande, aanstootlike toestande, ens uiteen om sy gebied te alle tye higiënies en skoon te hou.

### Nakoming van die regulasies

Niemand word toegelaat om ’n gesondheidsergernis in die jurisdiksiegebied van die Stad Tshwane te veroorsaak nie. As jy ’n ergernis wil rapporteer, bel die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

### Straf

As jy die regulasies oortree, kan jy ’n kennisgewing ontvang om daaraan te voldoen. As jy dit steeds nie doen nie, kan regstappe teen jou geneem word, of jy kan beboet word.

# Wet op Gesondheid, 2003 (Wet 61 van 2003)

Die Wet verskaf ’n raamwerk vir ’n gestruktureerde en eenvormige benadering tot gesondheidsake, met inagneming van die bepalings van die Grondwet en ander wette. Die Wet bepaal die pligte van gesondheidsbeamptes en sit die vereistes vir geldige roetine-inspeksies en ondersoeke na klagtes met betrekking tot omgewingsgesondheid uiteen. Dit maak ook voorsiening vir die hantering van oortredings kragtens die Wet.

### Nakoming van die regulasies

Nadat ’n klagte ondersoek is, word ’n kennisgewing uitgereik wat die oortreder opdrag gee om die gestelde voorwaardes na te kom. As jy nie binne die gespesifiseerde tyd daaraan kan voldoen nie, moet jy die omgewingsgesondheidspraktisyn kontak en die saak bespreek. Om ’n klagte rakende omgewingsgesondheid te rapporteer of om hulp te vra om te voldoen aan ’n nakomingskennisgewing wat kragtens die Wet uitgereik is, kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

### Straf

As jy hierdie regulasies oortree, kan jy ’n opdrag kry om die regulasies na te kom. As jy dit steeds nie nakom nie, kan regstappe teen jou geneem word, of jy kan beboet word.

# Regulasie op Melkskure en die Vervoer van Melk

Hierdie Regulasie is kragtens artikels 34, 35, 39 en 40 van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977) uitgevaardig. Dit sit die vereistes vir melkskure vir die produksie van melk vir menslike verbruik uiteen, asook die vereistes vir die vervoer van sodanige melk.

### Nakoming van die Regulasie

As jy wil uitvind hoe om aan die Regulasie te voldoen of ‘n klag oor versuim om dit na te kom wil lê, kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

### Straf

As jy die Regulasie oortree, kan jy ’n kennisgewing ontvang om dit na te kom. As jy dit steeds nie nakom nie, kan jy regstappe of ’n boete te wagte wees.

# Regulasie op Melk en Suiwelprodukte

Hierdie Regulasie is uitgevaardig kragtens artikel 15(1) van die Wet op Voedselware, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972). Dit sit die vereistes vir die verkoop van rou melk vir verdere prosessering en vir rou melk wat suur gemaak moet word, uiteen.

### Nakoming van die Regulasie

As jy wil uitvind hoe om aan die Regulasie te voldoen of hoe om ’n klag te lê rakende versuim om dit na te kom, kontak die Munisipaliteit se Afdeling Gesondheidsdienste by 012 358 4656.

### Straf

As jy die Regulasie oortree, kan jy opdrag kry om dit na te kom. As jy dit steeds nie nakom nie, kan jy regstappe of ’n boete te wagte wees.

# Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991)

Die Wet op Besighede reguleer sekere formele en informele besighede en bepaal dat sekere soorte besighede ’n besigheidslisensie moet hê.

### Doel met die Wet op Besighede

- Om plaaslike owerhede by te staan met die lisensiëring en wettiging van handel en besigheid in hul jurisdiksiegebied
- Om te verseker dat besighede nasionale wetgewing nakom
- Om te verseker dat besighede aan sekere vereistes vir gesondheid, brandveiligheid en stadsbeplanning asook aan voorwaardes vir die verkryging van lisensies voldoen.

---

*Die Wet op Besighede laat munisipaliteite toe om sekere soorte besighede te reguleer om te verseker dat die gemeenskap se gesondheid en veiligheid beskerm word.*

---

### Besighede moet lisensies hê



Volgens die Wet op Besighede (Skedule 1), word daar van die volgende besighede verwag om aansoek te doen om ’n handelslisensie en dit te bekom voordat hulle in bedryf gestel word:

**Item 1: Verkoop of voorsiening van etes of bederfbare kos**

Hierdie item verwys na die bedryf van ’n besigheid deur die verkoop of verskaffing aan verbruikers van –

(a) enige kos in die vorm van etes vir verbruik op of af van die besigheidsperseel; of
(b) enige bederfbare kos.

Bederfbare kos verwys na items soos melk, vleis, vis, viseiers, weekdiere en skaaldiere, vrugte, groente en enige kos wat verkoel gehou moet word om sy kwaliteit te bewaar.

**Item 2: Voorsiening van sekere soorte gesondheidsgeriewe of vermaak**



Hierdie item verwys na die bedryf van ’n besigheid deur –

(a) die verskaffing van Turkse baddens, saunas of ander gesondheidsbaddens;
(b) die verskaffing van masseer- of infrarooibehandeling;
(c) die verskaffing van ’n eskortdiens, hetsy deur ’n man of ’n vrou, aan enige ander persoon;
(d) die aanhou van drie of meer meganiese, elektroniese of elektriese uitvindsels, instrumente, apparate of toestelle wat ontwerp is of gebruik word om enige speletjies te speel, of vir ontspanning of vir vermaak, die bedryf waarvan behels die betaling van enige geldwaardige prestasie, hetsy deur die insit van ’n munt, ruilmunt of skyf daarin, of in ’n toestel wat op een of ander manier daaraan geheg is;
(e) die aanhou van drie of meer snoeker- of biljarttafels;
(f) die aanhou of bedryf van ’n nagklub of diskoteek;
(g) die aanhou of bedryf van ’n rolprentteater of ander teater; en
(h) die bedryf van volwasse persele waarna verwys word in artikel 24 van die Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996).

**Item 3: Smous met etes en bederfbare kos**



Hierdie item verwys na die bedryf van ’n besigheid, hetsy as hoof, werknemer of agent, deur die verkoop van enige kos in die vorm van etes of enige bederfbare kos –

(a) wat van plek tot plek vervoer word, hetsy per voertuig of andersins;
(b) op ’n openbare pad of enige ander plek toeganklik vir die publiek; of
(c) in, op of van ’n beweegbare struktuur of staande voertuig, buiten as die besigheid onder ’n lisensie bedryf word vir ’n besigheid waarna in item 1 van hierdie Skedule verwys word.

# Wet op Besighede, 1991

## Prosedure vir aansoek om ’n lisensie kragtens die Wet op Besighede:

**Lisensie vir straathandel**

- Afskrif van identiteitsdokument
- Geskrewe bewys van toegang tot toiletgeriewe
- Lisensie in die verkoper se naam
- Aansoekgeld: R170,00
- Hernuwing na 12 maande teen R113,00

**Lisensie vir kosverkope**

- Afskrif van identiteitsdokument
- Werkwyse: beskrywing van soort besigheid en besigheidsdae en -ure
- Skets van die voorgestelde plek (ligging)
- Foto’s van binnekant en buitekant van sleepwa
- Indien op privaat eiendom: toestemming van die eienaar
- Geskrewe bewys van toegang tot toiletgeriewe (waar toepaslik)
- Grootte van sleepwa: lengte 2 750 mm, breedte 1 910 mm, hoogte 2 500 mm van die grond
- Aansoekgeld: R170,00
- Maandelikse rente: R40,00
- Hernuwing na 12 maande teen R113,00

**Lisensie vir formele besigheid**

- In die geval van ’n maatskappy: sertifikaat van inkorporasie wat die maatskappy se registrasienommer toon, asook die eienaar se volle name, van, ID en woon- en posadres
- Die verantwoordelike bestuurder se ID en volle naam en van
- In die geval van ’n beslote korporasie: ’n CK1 of CK2
- In die geval van ’n vennootskap: ’n aparte skedule met die volle naam, van, ID-nommer en adres van elke vennoot
- In die geval van ’n alleeneienaar: ’n kopie van die eienaar se ID
- In die geval van ’n restaurant- of kafee-eienaar: ’n spyskaart
- Aansoekgeld vir die verkoop of verskaffing van etes of bederfbare kos: R396,00 (hernuwing na 12 maande teen R283,00)
- Aansoekgeld vir die verskaffing van sekere soorte gesondheidsgeriewe, vermaak of volwasse persele: R3 500,00 (hernuwing na 12 maande teen R2 500,00)

### Nakoming van die Wet op Besighede

Lisensies word vereis vir bogenoemde soorte besighede. Vir meer inligting, kontak die Afdeling Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling by die volgende telefoonnommers: 012 358 1416, 012 358 4490 of 012 358 4012.

Om vir ’n besigheidslisensie aansoek te doen, besoek die kantore van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling by:

Kamer 401, 4de Vloer
HB Phillips-gebou
Hv Schoeman- en Bosmanstraat
Pretoria
0002

### Straf

Enigeen wat die bepalings van die Wet op Besighede oortree, kan by skuldigbevinding ’n boete of tronkstraf van tot drie maande opgelê word, of die boete sowel as die tronkstraf.

### Gevolg van nienakoming

Versuim om die vereistes vir gesondheid en brandveiligheid na te kom kan die gemeenskap se gesondheid en veiligheid benadeel.

# Verordening op Straathandel





### Doel met die Verordening

- Om straathandel te wettig en te reguleer
- Om leiding te gee oor aanvaarbare straathandel
- Om leiding te gee oor wat te wagte kan wees in ’n nieverklaarde area (oop handelsgebied), ’n beperkte area (gebied met slegs ‘n beperkte getal handelaars) en ’n verbode area (gebied waar geen straathandel toegelaat word nie)
- Om straathandelaars wat die reëls en regulasies van die Munisipaliteit nakom te beskerm
- Om die Munisipaliteit die mag te gee om teen oortreding op te tree
- Om ’n skoon en gesonde omgewing te verseker waar straathandel plaasvind
- Om te verseker dat handelaars nie rommel strooi en hul afval in die straatvullishouers weggooi nie



---

*Die Verordening op Straathandel is die Munisipaliteit se meganisme om straathandel sodanig te reguleer en te bestuur dat dit veiligheid en ordelikheid bevorder. Dit gee riglyne oor wat om te doen en nie te doen nie wanneer daar in Tshwane op straat handel gedryf word. Dit gee ook ’n aanduiding van optrede teen oortredings.*

---

### Aansoekprosedure

Die Verordening laat die Munisipaliteit toe om –

- informele handel in sy gebied te bestuur en te reguleer;
- informele handelaars toestemming te gee om in ’n bepaalde gebied handel te dryf;
- diegene wat nie die Verordening nakom nie, te identifiseer; en
- gelde te hef, wat weer gebruik word om informele handelaars te help om hul besighede te verbeter.

Om aansoek te doen om ’n permit vir straathandel word die volgende benodig:

- Afskrif van die ID
- Permanente woon- of posadres
- Aanvanklike huurgeld vir die eerste drie maande, gevolg deur maandelikse betalings
- Ondertekening van ’n huurooreenkoms
- Ondertekening van ’n belofte
- Bywoning van ’n oriëntasiesessie
- Maandelikse huurgeld, afhangend van die stalletjie wat verskaf is

Vir meer inligting oor handelspermitte, kontak die Afdeling Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling by die volgende nommers:

012 358 1416    012 358 4383
012 358 4490    012 358 0699

Om vir ’n handelspermit aansoek te doen, besoek die kantoor van Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling by:

Kamer 401, 4de Vloer
HB Phillips-gebou
Hv Schoeman- en Bosmanstraat
Pretoria
0002

### Straf

Enigeen wat in stryd met die Verordening op Straathandel optree, kan by skuldigbevinding ’n boete of tronkstraf van tot drie maande opgelê word, of die boete sowel as die tronkstraf.

### Gevolg van nienakoming

Verontagsaming van die vereistes vir gesondheid, higiëne en veiligheid kan die gesondheid en veiligheid van die gemeenskap benadeel.

# Verordening op Begraafplase en Krematoriums





## Doel met die Verordening

Om reëls, regulasies en goedgekeurde tariewe vir dienste in begraafplase en krematoriums uiteen te sit en die optrede van die volgende groepe mense te reguleer:

- Begrafnisondernemers
- Grafsteenmakers
- Lede van die publiek
- Munisipale beamptes
- Kontrakteurs

## Voordele van die Verordening

Die Verordening reguleer die aktiwiteite by begraafplase en krematoriums om te verseker dat hierdie areas veilig en ordelik is.

Further, the regulation of areas designated as cemeteries, ensures that the environment is healthy and uncontaminated.

## Opsomming van die Verordening

Die Verordening maak voorsiening vir drie soorte begrafnisse:

- Verassings
- Gewone begrafnisse
- Herbegrawings

Die Verordening laat die Munisipaliteit toe om sekere areas as begraafplase en krematoriums aan te wys.
Alle begraafplase moet onder die beheer van die Munisipaliteit wees.
Die Verordening reguleer –

- aktiwiteite by en algemene voorskrifte vir begraafplase;
- gespesifiseerde besoek- en kantoorure;
- die begrawe van menslike oorskot;
- begrafnisorders;
- die afmetings van grafpersele en grafte;
- besprekings van grafpersele;
- begrafnisse en verassings van hulpbehoewende mense;
- die opgrawe van menslike oorskot;
- werk rakende gedenkstene;
- grafpersele met randstene;
- die instandhouding van grafte;
- verassings;
- pligte van personeel;
- na-verassingsdienste; en
- werk aan gedenkstene.

## Navrae

Vir meer inligting oor begraafplase en krematoriums, bel 012 358 8815 of 012 358 8936.

## Hoe om aan die Verordening te voldoen

1) Begrafnisondernemers of die familie van die oorledene kan 'n begrafnis of verassing per telefoon, faks of besoek aan die naaste begraafplaas versoek. Met die oog hier op kan hulle die Administratiewe Beamptes of Senior Administratiewe Beamptes by begraafplase kontak.

Die volgende dokumente word benodig om aan die Verordening te voldoen:

- Begrafnisorder (BI 1663)
- Kennisgewing van begrafnis
- Heropeningsvorm
- Vasgestelde tariewe
- Besprekingsertifikaat
- Kasboek
- Indeksboek

## Straf

Enigeen wat teenstrydig met die Verordening optree sal 'n oortreding begaan en met skuldigbevinding 'n boete of tronkstraf van tot drie maande opgelê word, of die boete sowel as die tronkstraf.

## Gevolge van nienakoming

Ongemagtigde begrafnisse en verassings kan die gesondheid en veiligheid van die gemeenskap benadeel omdat dit nie aan die vereistes vir gesondheid, higiëne en veiligheid voldoen nie.

# Verordening op die Tshwane-mark

### Doel met die Verordening

Om die Stad Tshwane van regsmaatreëls vir alle bedryfs-, besigheids- en bykomstige aktiwiteite by die Tshwane-mark te voorsien.

---

*Die Verordening op die Tshwane-mark stel die Stad Tshwane in staat om die dienste van die varsproduktemark te administreer en te lewer, en om sy grondwetlike doelwitte te bereik en die diskriminerende wette van die verlede uit te wis.*

---

### Opsomming van die Verordening

Die Verordening op die Tshwane-mark beheer aspekte van die Tshwane-mark wat nie deur bedryfsbeleide of spesifieke reëlings soos huurkontrakte hanteer kan word nie. Die Verordening reguleer aktiwiteite of rolspelers soos –

- markadministrasie;
- markagente;
- kopers/handelaars;
- karweiers;
- kleinhandelaars/groothandelaars; en
- huurders.

### Nakoming van die Verordening

**Karweiers** (mense in eie diens wat gehuur word om landbouprodukte na die mark te vervoer):

- Niemand mag as karweier op die markperseel besigheid doen sonder dat hy of sy by die Stadsbestuurder as ’n karweier geregistreer is en ’n karweipermit het nie.
- ’n Karweipermit mag slegs uitgereik word as ’n persoon bewys van sy of haar identiteit gelewer het en ’n terugbetaalbare deposito soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal aan die Stadsbestuurder betaal het.
- Karweiers moet te alle tye die identifikasie en klere wat die Stadsbestuurder aan hulle verskaf het dra en moet hulself en hul klere skoon en netjies hou.

**Groothandelaars en kleinhandelaars** (mense wat ’n ooreenkoms met die Munisipaliteit het om sake op die markperseel te doen):

- Geen groothandelaar mag landbouprodukte op die markperseel verkoop buiten dit wat op die verkoopsvloer verkoop word nie. ’n Groothandelaar mag met geskrewe vooraftoestemming van die Stadsbestuurder ’n landbouproduk verkoop wat direk aan hom deur die afsender gelewer is, op voorwaarde dat die gelde van die gemiddelde markprys vir daardie landbouproduk op daardie dag of soos die Stadsbestuurder van tyd tot tyd vasstel, afgetrek mag word.
- Die Stad Tshwane is daarop geregtig om enige deel van die markperseel vir klein- of groothandelsake af te sonder en mag met die oog daarop ’n ooreenkoms met die klein- of groothandelaar aangaan, waarkragtens ’n tafel, stalletjie of area aan die klein- of groothandelaar verhuur kan word.

**Markagente en hul werknemers**:

- Niemand mag as ’n markagent op die markperseel sake doen nie, buiten as hy of sy die houer is van –
  - ’n getrouheidsfondssertifikaat; en
  - ’n markagentlisensie.
- ’n Markagentlisensie kan slegs verkry word deur aansoek te doen op ’n vorm wat by die Markadministrasie-kantoor op die markperseel beskikbaar is. Hierdie vorm moet van aansoekgeld wat deur die Raad vasgestel is, vergesel wees, asook van die ander besonderhede en dokumente wat op die vorm versoek word. Al hierdie dokumente moet per pos gestuur word of by die Markadministrasie-kantoor by die adres wat op die vorm gemeld word, ingegee word.
- Die aansoeker moet binne die tydperk wat deur die Stadsbestuurder gestel word die Stad Tshwane van sekuriteit tot die tevredenheid van die Stadsbestuurder voorsien teen ’n bedrag wat deur die Stadsbestuurder bepaal is, om voorsiening te maak vir die aansoeker se betaling van enige koste, gelde of deposito’s  wat aan die Stad Tshwane betaalbaar mag wees.

# Verordening op die Tshwane-mark

**Verkoopsmense**

- Niemand mag op die markvloer sake doen buiten as hy of sy ’n verkoopspermit het wat deur die Stadsbestuurder uitgereik is.
- ’n Markagent moet namens ’n verkoopsman of verkoopsvrou op ’n voorgeskrewe vorm wat by die Markadministrasie-kantoor op die markperseel beskikbaar is, om ’n verkoopspermit aansoek doen. Die vorm moet van aansoekgeld soos deur die Raad bepaal vergesel wees, asook van ander besonderhede en dokumente soos op die vorm aangedui.
- ’n Verkoopspermit mag slegs aan aansoekers uitgereik word as hulle tot die tevredenheid van die Stadsbestuurder bewys gelewer het dat hulle –
  a. in die diens van ’n gelisensieerde markagent is; en
  b. gepas, toereikend, behoorlik en toepaslik gekwalifiseer is om sake as ’n verkoopsman of verkoopsvrou te doen.

**Koper**

- ’n Landbouproduk op die markvloer mag slegs verkoop word aan ’n koper wat in besit is van ’n geldige koperskaart wat deur Markadministrasie uitgereik is.
- Wanneer hulle van die vloer koop, moet kopers dadelik hul koperskaart aan die betrokke markagent wys, wat dan die besonderhede van die verkoopstransaksie moet aanteken op ’n manier wat van tyd tot tyd deur die Stadsbestuurder bepaal word.

## Navrae

Vir meer inligting, bel 012 358 2398.

## Gevolge van nienakoming

As mense die Verordening op die Tshwane-mark nie nakom nie, kan dit ’n nadelige uitwerking op die mark en plaaslike ekonomiese ontwikkeling in ons stad hê.

## Straf

Enigeen wat ingevolge hierdie Verordening aan ’n oortreding skuldig bevind word kan tronkstraf van tot drie jaar of ’n boete van R60 000 of die tronkstraf sowel as die boete opgelê word, soos bepaal mag word deur ’n geregshof kragtens die Wet op Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet 101 van 1991).

# Verordening op Buitelugreklame



## Doel met die Verordening

- Om voorsiening te maak vir buitelugreklame op, of sigbaar van, alle openbare plekke in Tshwane en om te verseker dat buitelugreklame –
  - tot die ekonomiese ontwikkeling van die stad bydra;
  - tot die bewaring van toerismehulpbronne in die natuurlike, landelike en stedelike omgewing bydra;
  - ’n benadering skep wat ’n balans bring tussen ekonomiese ontwikkeling, verkeersveiligheid en die bewaring van sigbare hulpbronne;
  - as ’n effektiewe kommunikasiemiddel gebruik word; en
  - optimaal ontgin word sonder om omgewingsgehalte en verkeersveiligheid in die stad in te boet.




*Die Verordening laat die Munisipaliteit toe om buitelugreklame (deur middel van plakkate, reklameborde, ens) te reguleer om sodoende ’n veilige en aantreklike stad sowel as ekonomiese ontwikkeling te verseker.*

### Aansoekprosedure

Buitelugreklame is ’n taak van die Departement Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste. Dit word gereguleer deur die Verordening op Buitelugreklame en verwante beleide. Die Kantoor vir die Bestuur van Buitelugreklame is geleë in Kamer 305, 3de Vloer, Sammy Marks-gebou (westelike blok), en kan by 012 358 7694 of 012 358 7651 gekontak word.

Inligting oor aansoekvorms, die aansoekprosedure, die Verordening en beleide, tariewe en ander inligting verwant aan buitelugreklame kan verkry word deur die Munisipaliteit se webwerf by www.tshwane.gov.za te besoek.

### Voordele van die Verordening

Buitelugreklame het ’n integrale deel van Tshwane geword, aangesien allerhande advertensies reg deur die stad aangebring word. Hierdie advertensies is ’n teken van ekonomiese groei in die stad, maar kan ook aan die voorkoms van die stad afbreuk doen as dit nie behoorlik bestuur word nie. Die Verordening op Buitelugreklame reguleer meer as 44 soorte tekens met behulp van ’n eenvormige beoordeling. Die Verordening word ook gebruik om die plasing van buitelugreklametekens te reguleer. Dit is tot die voordeel van die Munisipaliteit aangesien dit –

- die regte en pligte van die Munisipaliteit beskerm;
- die wetlike vereistes van buitelugreklame stipuleer;
- die ontwerpvereistes vir tekens uiteen sit;
- die aansoekprosedure omskryf;
- die gevolge van nienakoming van die Verordening verduidelik;
- strafmaatreëls soos boetes en dagvaardings uitstippel;
- verseker dat die stad se voorkoms nie nadelig geraak word nie;
- verseker dat tekens in areas geplaas word wat met hul aard ooreen kom;
- verseker dat areas nie met te veel tekens volgeprop word nie;
- ’n gids vir die hantering van sake rakende buitelugreklame verskaf;
- voornemende adverteerders help om hul advertensiestrategie te beplan;
- aansoekers raad gee oor en help met die voorbereiding van aansoeke; en
- kriteriums vir die beoordeling van aansoeke verskaf.

# Verordening op Buitelugreklame

## Opsomming van die Verordening

Buitelugreklame in Tshwane word gereguleer met behulp van die Verordening op Buitelugreklame. Hierdie Verordening sit wetlike vereistes vir aansoek, veiligheid, aantreklikheid en ordentlikheid, die ontwerp en oprigting van tekens, oortredings en straf uiteen, asook die soorte tekens en regulasies vir hul voorkoms.

In die toepassing van die Verordening streef die Munisipaliteit daarna om te verseker dat buitelugreklame omgewingsensitief en maatskaplik verantwoordbaar is en dat advertensies op strukture vertoon word wat aantreklik en geskik is vir die omgewing waar dit opgestel word.

Enige teken wat op munisipale eiendom opgerig, versprei or vertoon word sonder die toestemming van die Munisipaliteit of in stryd met die Verordening kan sonder kennisgewing en op die koste van die persoon wat die teken vertoon het of veroorsaak of toegelaat het dat dit vertoon, versprei of opgestel word, verwyder of vernietig word.











## Straf

In ooreenstemming met die Verordening sal enigeen wat –

(a) enige bepalings van die Verordening oortree of nie nakom nie;
(b) enige vereiste oortree wat in ’n kennisgewing wat aan hom of haar uitgereik of beteken is ingevolge die Verordening;
(c) enige voorwaarde wat ingevolge die Verordening afgedwing word oortree of nie nakom nie; of
(d) opsetlik ’n vals verklaring oor enige aansoek ingevolge die Verordening maak;

’n oortreding begaan en kan met skuldigbevinding ’n boete van tot R10 000,00 of tronkstraf tot 21 dae opgelê word. As hulle voortgaan om die oortreding te begaan, kan hulle ’n boete van R1 000,00 opgelê word vir elke dag wat hulle voortgaan om die oortreding te begaan ná die uitreiking van ’n geskrewe kennisgewing van die Munisipaliteit om die oortreding te beëindig, en vir ’n tweede of verdere oortreding tot R20 000 of tronkstraf van 28 dae. Die boetes en tronkstraf word van tyd tot tyd deur die Hooflanddros bepaal en hersien.

Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade wat uit die konfiskering, verwydering of wegdoen van tekens spruit nie. Enige koste wat deur die Munisipaliteit aangegaan word met betrekking tot die verwydering of berging van, of veranderings aan die teken sal van die verantwoordelike persoon verhaal word.

## Gevolge van nienakoming

Ongereguleerde buitelugreklame kan verkeersveiligheid en die voorkoms van die stad nadelig raak.

# Verordening op Wonderboom-lughawe

## Doelstellings van die verordening

Die toename in vliegtuig- en passasierverkeer by die Wonderboom-lughawe, die instel van geskeduleerde vlugte en die moontlike herverlening van die lughawe se internasionale status, het strenger kontrole en 'n spesifieke verordening vir die lughawe noodsaaklik gemaak.

## Voordele van die verordening

Die verordening reguleer die aktiwiteite by die Wonderboom-lughawe en sorg vir die veiligheid en sekuriteit van die lughawe.

## Opsomming van die verordening

Die verordening reguleer die volgende:

- Magte en verantwoordelikhede van die bestuurder
- Kontrole oor die vliegtuie, loodse en passasiers
- Voorkoming van brande en die verskaffing van brandstof aan vliegtuie
- Kontrole oor motorvoertuie en uitreik van voertuigpermitte
- Toegang tot instandhoudingsgebied
- Algemene bepalings oor veiligheid by die lughawe

## Navrae

Vir meer inligting oor die Wonderboom-lughawe, skakel 012 567 1188/9.

## Straf

Enigiemand wat nie hierdie verordening nakom nie begaan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding 'n boete of tronkstraf van tot 12 maande of beide opgelê word.

## Gevolge van nienakoming

Ongereguleerde aktiwiteite by die Wonderboom-lughawe kan gevaarlike gevolge op of buite die perseel hê.

# Verordening op Brandweer

### Doelstellings van die verordening

- Voorsiening vir gestandaardiseerde administrasie van brandbestryding
- Bevordering van brandbeskerming en brandbestryding op alle persele in Tshwane
- Doeltreffende, doelmatige en ordelike ontwikkeling, kontrole en gebruik van gevaarlike stowwe
- Veilige, doelmatige en omgewingsverantwoordelike vervoer, laai en berg van gevaarlike stowwe
- Simpatieke behandeling van diere betrokke in noodsituasies

---

*Die Verordening op Brandweer maak die behoorlike regulering van brandweerdienste en verwante brandveiligheidsake in die stad moontlik.*

---

### Opsomming van die verordening

Die doel van die verordening is om –

- ‘n brandveilige omgewing vir al die inwoners in die jurisdiksiegebied van die Munisipaliteit te skep; en
- prosedures, metodes en praktyke vir die regulering van brandveiligheid in hierdie gebied daar te stel.

Die verordening is van toepassing op die formele en informele sektor van die gemeenskap en die ekonomie.

Die verordening reguleer die volgende:

- Organisasie van die brandweerdiens
- Bestuur van diensvoertuie
- Prosedures en pligte tydens ‘n noodgeval
- Voorgee om ’n lid te wees
- Magte van lede en aangewese beamptes
- Beskikbaarstelling van dienstoerusting en personeel
- Brandbare materiaal en afval
- Maak van vure
- Brandstroke
- Inspeksie van eiendomme en instruksies aan bewoners
- Toegang tot brandbestrydingstoerusting
- Vereistes vir brandbeskerming op persele
- Toegang vir die doel van brandbestryding en reddingsoperasies
- Onderhoud en instandhouding van brandbestrydingstoerusting
- Suigwaaierstelsels
- Rasionele ontwerp van geboue
- Stortingsterreine
- Noodontruimingsplanne
- Geskiktheidsertifikate vir alle openbare geboue
- Watervoorsiening vir brandbestryding
- Bestaande persele se aansoeke om registrasie
- Gevaarlike stowwe (vuurwerke, gas, ontvlambare vloeistowwe, ens): Goedkeuring van planne, registrasiesertifikate, spuitpermitte, berging en aflewering van gevaarlike stowwe, nierooktekens, ens
- Verbod op vuurwerke tensy deur die Hoofbrandweerbeampte goedgekeur
- Bou van voertuie vir gevaarlike goedere, vervoer en vervoerpermitte
- Vereistes vir die bou, ontwerp en gebruik van stoorkamers vir gevaarlike stowwe
- Vereistes vir die bou, ontwerp en gebruik van spuitverfkamers
- Simpatieke behandeling van diere betrokke in noodsituasies

# Verordening op Brandweer

## Nakomingsproses

Vir die verkryging van aansoekvorms vir permitte vir verskillende gevaarlike stowwe en brandsertifikate soos deur die verordening vereis, die aanvra van ‘n brandveiligheidsinspeksie op ‘n perseel, en die indien van ‘n klagte oor ’n brandgevaar, skakel asseblief met die betrokke brandveiligheidskantoor in die Noord-, Sentraal- of Suidstreek.

a) *Sentraal-brandweerstasie*
Hv Bosman- en Minnaarstraat
Pretoria
Tel: 012 358 6255 (Ontvangs)
Faks: 012 358 6274
07:30 tot 16:00, Maandag tot Vrydag

b) *Rosslyn-brandweerstasie*
Piet Rautenbach-straat 3
Rosslyn
Tel: 012 358 9964 (Ontvangs)
Faks: 012 358 9974
07:30 tot 16:00, Maandag tot Vrydag

c) *Centurion-brandweerstasie*
Basdenlaan 246
Lyttelton
Tel: 012 358 3510 (Ontvangs)
Faks: 012 358 3990

Vir inligting na kantoorure, skakel 012 358 6200/6300.

## Gevolge van nienakoming

- Gedurende die 2007/08-boekjaar is 13 704 persele vir die nakoming van brandveiligheidsmaatreëls geïnspekteer. Altesaam 610 nakomingskennisgewings en 275 boetes vir oortredings is uitgereik.
- Multidissiplinêre operasies is uitgevoer en ses vermaaklikheidsplekke is tydelik gesluit as gevolg van die oortreding van verskeie brandveiligheidsmaatreëls.
- Die algemene nienakoming van die verordening kan lei tot ‘n brandgevaar, die besering van mense, lewensverlies en skade aan eiendom.

## Straf

- Afdeling 51 van die verordening bepaal die volgende:
  - Enigiemand wat nie die bepalings van hierdie verordening nakom nie, ingesluit enige voorwaarde of vereiste vir ‘n registrasiesertifikaat of spuitpermit, of enige opdrag deur ‘n lid van die diens, is aan ‘n oortreding skuldig, en sal by skuldigbevinding ‘n boete van tot R5 000,00 of tronkstraf van tot ses maande opgelê word.
  - Die Afdeling Munisipale Howe en die hooflanddroste van al die geregtelike gebiede in Tshwane het skulderkenningsboetes van R2 500,00 vir elke oortreding wat in die verordening genoem word, vasgestel, behalwe vir die administratiewe afdelings.
  - Betreffende die geleentheid om op kennisgewings en oortredings te reageer wat nie onmiddellik reggestel kan word nie of wat te duur is om reg te stel, maak afdeling 11(3) voorsiening vir die eienaar van die perseel om na ontvangs van die regstellingsaanwysings, die hoofbrandweerbeampte onmiddellik skriftelik in kennis te stel van die stappe wat die eienaar beoog ten einde die situasie reg te stel. Die eienaar moet ook ‘n program met ‘n sperdatum vir goedkeuring indien. Die hoofbrandweerbeampte mag die voorgestelde stappe en die sperdatum sonder of met aanpassings goedkeur en mag instruksies vir die nakoming van die stappe uitreik.
- Betreffende afdeling 6(3) mag ‘n brandweerlid enige gebou of perseel afsper deur ‘n straat of deurgang of plek tydelik te sluit indien dit na sy oordeel nodig is vir openbare veiligheid, vir die doeltreffende bestryding van die brand of die hantering van enige ander noodgeval wat tot ‘n brand of ‘n ontploffing kan lei. Die lid mag nadat almal versoek is om die straat, deurgang of plek te verlaat, enigeen wat weier om aan die versoek gehoor te gee, met so min kragdadigheid as nodig verwyder.

# Verordening op parkeermeters

## Doelstellings van die verordening

Die Verordening op Parkeermeters reguleer die gebruik van korttermynparkeerplekke (waar ‘n persoon slegs vir ‘n beperkte tyd mag parkeer, bv. vir 60 minute). ‘n Parkeermeter is daar om seker te maak dat ‘n persoon nie vir ‘n hele dag op ‘n parkeerplek parkeer nie. Parkeermeters word in besige sakegebiede opgerig waar parkering in aanvraag is, en die rotasie van parkeerplekke gee aan sake-kliënte die geleentheid om te kan parkeer.

---

*Indien almal aan die Verordening op Parkeermeters gehoor gee en by die tydbeperking op die padteken hou, sal daar nie ‘n tekort aan parkeerruimte wees nie. Dit sal ‘n ekonomiese aansporing in sakegebiede wees.*

---












## Opsomming van die verordening

- Die Verordening op Parkeermeters vereis van ‘n bestuurder wat sy voertuig op ‘n parkeerplek met ‘n parkeermeter parkeer, om vir die parkering te betaal deur geld in die parkeermeter te plaas. Volgens die verordening mag niemand met ‘n parkeermeter of parkeerplek peuter of dit beskadig nie.
- Indien enigiemand ‘n voorwerp of materiaal (bv boumateriaal) op die parkeerplek met ‘n parkeermeter wil plaas, moet hy of sy toestemming van die Tshwane Metropolisie bekom en die toepaslike fooi betaal.

## Nakomingsproses

- Wanneer u op ‘n parkeerplek met ’n parkeermeter parkeer, maak seker dat u die regte geld in die meter plaas en nie die toegelate tyd oorskry wat op die padteken aangedui is nie.
- Indien u ‘n parkeerplek met ‘n parkeermeter vir bouwerk of -materiaal moet gebruik, moet u toestemming van die Tshwane Metropolisie bekom en die toepaslike fooi betaal. Vir meer inligting, skakel 012 358 5307/7167, of stuur ‘n e-pos aan neelsg@tshwane.gov.za of jasperm@tshwane.gov.za.

## Gevolge van nienakoming

Wanneer die Verordening op Parkeermeters nie nagekom word nie, lei dit tot ‘n tekort aan parkeerruimte, asook verkeersopeenhopings omdat daar op verbode plekke gestop of geparkeer word. Indien parkering nie beskikbaar is nie, lei besighede daaronder.

## Straf

Enigiemand wat nie die Verordening op Parkeermeters nakom nie, kan ‘n boete en/of tronkstraf van hoogstens drie maande opgelê word.

# Verordening op Watervoorsiening

## Doelstellings van die verordening



Afdeling 21 van die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet 108 van 1997), vereis van elke owerheid wat waterdienste lewer (soos 'n munisipaliteit) om 'n verordening op te stel wat die bepalings vir watervoorsieningsdienste neerlê. Die waterverordening moet 'n reguleringsraamwerk vir 'n verskeidenheid waterdienste verskaf wat wissel van basiese watervoorsiening aan die gemeenskap, tydelike voorsiening aan kontrakteurs, voorsiening aan brandweerdienste en besighede, en die hantering van grootmaatwatervoorsiening aan nywerhede.

Die watervoorsieningsverordening reguleer die gebruik van waterdienste wat deur die Stad Tshwane verskaf word ten einde te verseker dat die waterinfrastruktuur en -bronne ekonomies en omgewingsvolhoubaar gebruik word.

*Die Verordening op Watervoorsiening maak die regulering van watervoorsieningsdienste moontlik sodat waterbronne en -infrastruktuur beskerm kan word en inwoners van Tshwane toegang tot veilige en gesonde water kan hê.*

## Opsomming van die verordening

Die Verordening op Watervoorsiening reguleer die volgende: toepassing, betaling en staking van waterdienste, voorwaardes vir watervoorsieningsdienste, kennisgewings, ongemagtigde watervoorsieningsdienste, oortredings, dokumentasie en algemene bepalings. Aandag word in die besonder aan die volgende gegee:

- Geeneen is op toegang tot water geregtig nie tensy daar ooreenkomstig die Munisipaliteit se Verordening op Kredietbeheer op die voorgeskrewe vorm daarom aansoek gedoen is. Dit verteenwoordig 'n ooreenkoms aangaande waterdienste tussen die Munisipaliteit en die verbruiker.
- Alle koste wat in die Munisipaliteit se beleid op eiendomsbelasting en diensgelde uiteengesit is, is deur die gebruikers van waterdienste betaalbaar. Die eienaar en bewoner is gesamentlik vir die betaling van alle watervoorsieningskoste verantwoordelik.
- Verbruikers moet kennis gee indien hulle hul waterdiens wil beëindig, om te voorkom dat die Munisipaliteit hulle steeds vir die onkoste verantwoordelik hou.
- Wanneer verbruikers nie vir die waterdiens betaal nie, nie die verordening nakom nie, met die waterdiens peuter, of verbruikers dit versoek, kan die Munisipaliteit die voorsiening beperk of beëindig soos voorgeskryf deur die Verordening op Watervoorsiening. Die Munisipaliteit sal nie vir enige skade aanspreeklik wees wat uit die beperking of beëindiging van die waterdiens voortspruit nie.
- Indien 'n wateraansluitingspyp nie beskikbaar is nie, kan aansoek om die uitbreiding van die waterdiens gedoen word. Die diens sal aangesluit word slegs nadat die eienaar die koste van die uitbreiding betaal het.
- Slegs een aansluitingspyp met een meettoestel per perseel word verskaf. Indien 'n enkele aansluiting tot swaarkry gaan lei, kan die Munisipaliteit na betaling van die toepaslike bedrag meer as een aansluiting verskaf.
- Verbruikers moet toesien dat geen middel in die watervoorsieningstelsel beland nie.
- Die Munisipaliteit waarborg nie 'n ononderbroke voorsiening van water, of 'n spesifieke vloeitempo of druk, of 'n spesifieke standaard of kwaliteit water nie.
- Die Munisipaliteit kan in 'n noodgeval die watervoorsiening sonder kennisgewing onderbreek. 'n Bedryf of perseel wat ononderbroke watervoorsiening benodig, moet 'n opgaartenk met 'n inhoudsmaat vir die voorsiening van ten minste 24 uur se water hê. Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade voortspruitend uit water wat na die herstel van watertoevoer uit toebehore vloei wat nie tydens die onderbreking toegedraai is nie.
- Die Munisipaliteit kan tydens 'n droogte of om enige ander rede algemene waterbeperkings instel of bykomende heffings vir waterverbruik vra wat die voorgeskrewe hoeveelheid oorskry.
- Indien die Munisipaliteit van mening is dat 'n verbruiker se waterverbruik die watertoevoer aan ander verbruikers nadelig beïnvloed, kan dit die watertoevoer aan die verbruiker beperk om 'n redelike watertoevoer aan die ander verbruikers te verseker.
- 'n Meettoestel sal vir elke voorsiening aan 'n verbruiker verskaf word. Die toestel bly die eiendom van die Munisipaliteit en kan deur die Munisipaliteit verander of onderhou word. Geeneen mag met die meettoestel peuter nie.

# Verordening op Watervoorsiening



## Opsomming van die verordening

- Indien die Munisipaliteit aan enige perseel water voorsien wat nie deur ‘n meettoestel beweeg nie, of die meettoestel werk nie, kan die Munisipaliteit die hoeveelheid water wat voorsien is, skat. Die skatting sal gebaseer word op die gemiddelde verbruik voordat die fout agtergekom is.
- Indien ‘n verbruiker rede het om te dink dat die meettoestel foutief is, kan skriftelik versoek word dat die meettoestel getoets word. Indien die toestel foutief blyk te wees, sal die verbruiker met die bedrag waarop hy of sy geregtig is, gekrediteer word. Indien dit blyk dat die toestel nie foutief is nie sal die koste van die aansoek om toetsing nie terugbetaal word nie.
- Verbruikers is nie geregtig op ‘n korting van die bedrag betaalbaar vir water wat weens lekkasies in installasies aan hul kant van die watermeter vermors is nie.
- Die Munisipaliteit kan van waterverbruikers vereis om hul waterverbruik op eie koste te laat ouditeer.
- Eienaars is vir die instandhouding van hul eie waterinstallasie aan hul kant van die watermeter verantwoordelik en mag slegs materiaal met die SABS-merk of materiaal wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, gebruik.
- Geen spoelurinaal sal geïnstalleer word of in enige waterinstallasie bedryf word as dit nie gebruikergeaktiveerd is nie.
- Die Munisipaliteit mag water deur gemeenskaplike staanpype voorsien, en mag die watervoorsiening aan ‘n voorsieningsone tot ‘n hoeveelheid beperk wat nie minder is nie as die basiese watervoorsiening vir die aantal huishoudings.
- Die Munisipaliteit mag voorwaardelik tydelike watervoorsiening toelaat, bv vir bouwerk.
- Die Munisipaliteit kan van inwoners verwag om hul boorgate te registreer of om die Munisipaliteit in kennis te stel dat hul van plan is om te boor.
- Alle nuwe geboue wat na die inwerkingtreding van hierdie verordening opgerig word, moet aan die verordening se bepalings ten opsigte van brandbestrydingsinstallasies voldoen (gewone huishoudings uitgesluit).
- ‘n Enkele aansluitingspyp vir beide branddienste (sprinkelstelsels uitgesluit) en drinkwater word voorsien.
- Die Munisipaliteit het die reg om alle stelsels te inspekteer en op herstelwerk aan te dring indien die stelsels nie aan die vereistes van die verordening voldoen nie. Indien herstelwerk nie binne ‘n redelike tyd gedoen word nie, is die Munisipaliteit geregtig daarop om die waterstelsel op die eienaar van die erf se koste te herstel.

## Nakomingsproses

- Inwoners moet water verstandig en soos voorgeskryf in die verordening gebruik om die volhoubaarheid van waterbronne te verseker.
- Vir algemene navrae oor watervoorsiening, skakel die Stad Tshwane se Kliëntediens by 012 358 9999.
- Vir stukkende meters, gebarste waterpype of watervoorsieningsprobleme, skakel 012 358 2111.

## Gevolge van nienakoming

Nakoming van die Verordening op Watervoorsiening en die versigtige gebruik van water is belangrik in ‘n omgewing waar water ‘n kosbare hulpbron is. Die nienakoming van die verordening kan die volgende gevolge hê:

- Waterverbruik sal nie gereguleer en gemoniteer word nie.
- Watervoorsieningsinfrastruktuur (soos pype) sal beskadig word.
- Die koste van watervoorsieningsdienste sal styg.
- Water sal besmet word as gevolg van die aantal ongemagtigde aansluitings.

## Straf

Indien u skuldig is aan ‘n oortreding ingevolge die verordening, kan u ‘n boete of tronkstraf van hoogstens vier maande opgelê word, en as die oortreding voortduur, kan u ‘n boete ontvang vir elke dag wat die oortreding voortduur.

# Verordening op Sanitasie



### Doelstellings van die verordening

Die Verordening op Sanitasie reguleer die gebruik van sanitasiedienste wat deur die Stad Tshwane verskaf word. Dit is opgestel om te verseker dat die inwoners in 'n gesonde en higiëniese omgewing leef en dat waterbronne teen nywerheidsafval en riool beskerm word.

*Die Verordening op Sanitasie maak die regulering van sanitasiedienste moontlik om te verseker dat inwoners se gesondheid en die omgewing teen die onverantwoordelike wegdoening van riool en nywerheidsafval beskerm word.*

## Opsomming van die verordening

Die verordening gee aandag aan die volgende:

- Geeneen het toegang tot sanitasiedienste nie mits aansoek om toegang gedoen en toegestaan is.
- Geeneen mag 'n septiese tenk of behandelingsaanleg sonder die geskrewe toestemming van die Munisipaliteit installeer, bou of bedryf nie.
- Die Munisipaliteit mag die gebruik van dreineerputte vir rioolafvoer toelaat indien sekere voorwaardes nagekom word.
- Die Munisipaliteit mag die gebruik van geventileerde putlatrines toelaat indien sekere voorwaardes nagekom word.
- Die Munisipaliteit mag die gebruik van riooltenks toelaat indien sekere voorwaardes nagekom word.
- Die Munisipaliteit moet skriftelike toestemming gee vir die aflewering van riool aan 'n afvalwaterbehandelingsaanleg deur padvervoer. Hierdie toestemming is aan sekere voorwaardes onderhewig en kan teruggetrek word indien daar nie aan die standaarde of voorwaardes van die verordening voldoen word nie.
- Die Munisipaliteit verskaf 'n rioolaansluiting aan 'n perseel. Die eienaar van die perseel moet op eie koste die aansluiting tussen die huisriool en die riool deur 'n loodgieter of 'n gemagtigde ingenieur laat maak.
- Alle pype en toebehore moet aan die skedule vir munisipale goedgekeurde pype en toebehore of SABS-standaarde voldoen. Indien die dreineerinstallasie nie daaraan voldoen nie, moet die eienaar dit ooreenkomstig die goedgekeurde spesifikasies herstel.
- Geeneen word toegelaat om bo-oor 'n riool of pyp uit te grawe of te bou nie. Die Munisipaliteit het die reg om enige struktuur af te breek of enige uitgrawing op te vul en die koste van die oortreder te verhaal.
- Geeneen mag toelaat dat stowwe soos vetterigheid of vaste stof in 'n riool versamel en dit verstop nie. In die geval van 'n verstopping moet die eienaar onmiddellik stappe doen om die verstopping te verwyder. Indien die verstopping in die gedeelte voorkom wat deur die Munisipaliteit onderhou word, moet die eienaar of bewoner die Munisipaliteit in kennis stel.
- Die uitlaat van swembadwater na 'n pad, afvoersloot of stormwaterpyp wat aan die Munisipaliteit behoort, is verbode. 'n Swembad se terugspoelwater mag na die dreineerstelsel van die perseel waar die swembad geleë is, uitgelaat word.
- Stormwater mag nie in die riool uitgelaat word nie.
- Riool mag nie in die stormwaterstelsel uitgelaat word nie.
- Nywerheidsafval mag slegs in 'n riool gestort word met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en indien sekere voorwaardes nagekom word.

## Nakomingsproses

- Inwoners moet aan die Verordening op Sanitasie voldoen ten einde 'n veilige en gesonde omgewing in Tshwane te verseker.
- Vir algemene navrae insake sanitasie, skakel die Stad Tshwane se Kliëntediens by 012 358 9999.
- Vir rioolaansluitings en om verstopte of foutiewe riole te rapporteer, skakel 012 358 2111.

## Gevolge van nienakoming

Indien die Verordening op Sanitasie nie nagekom word nie, kan die rioolstelsel beskadig word, wat die omgewing en mense se gesondheid nadelig kan raak.

## Straf

Onderhewig aan die Wet op Water, is enigeen wat die bepalings van die Verordening op Sanitasie of enige geskrewe voorwaardes in die verordening oortree, aan 'n oortreding skuldig. Na die datum waarop die oortreder skriftelik opgedra is om op te tree of optrede te staak, sal elke dag waarop die oortreding voortduur as 'n aparte oortreding beskou word. Indien die oortreder skuldig bevind word, sal hy of sy enige of al die strawwe soos van tyd tot tyd deur die landdros bepaal, opgelê word.

# Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening



## Doelstellings van die verordening

Die Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening reguleer die gebruik van die elektrisiteitsdienste wat deur die Stad Tshwane verskaf word ten einde te verseker dat die elektrisiteitsinfrastruktuur en -bronne ekonomies en omgewingsvolhoubaar gebruik word.

*Die Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening maak die regulering van elektrisiteitsvoorsieningsdienste moontlik ten einde die elektrisiteitsinfrastruktuur te beveilig en toegang tot veilige en bekostigbare elektrisiteitsdienste aan inwoners te gee.*

## Opsomming van die verordening

Die verordening gee aandag aan die volgende:

- Geeneen mag elektrisiteit sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit gebruik nie. Aansoek moet op die voorgeskrewe vorm by die Munisipaliteit gedoen word.
- ‘n Ingenieur of gemagtigde beampte mag ‘n perseel betree om instandhoudingswerk of ‘n algemene inspeksie te doen indien vermoed word dat die verordening oortree word.
- Indien elektrisiteit op ‘n onbehoorlike of onveilige manier gebruik word, kan die Munisipaliteit die elektrisiteitsvoorsiening aan die verbruiker diskonnekteer. Die verbruiker moet die fooi vir die diskonneksie en die moontlike heraansluiting betaal.
- Die verbruiker moet teen die betaaldatum vir die elektrisiteitsdienste wat aan die perseel verskaf is, betaal.
- Geeneen mag sonder die Munisipaliteit se magtiging elektrisiteit aan ‘n ander perseel herverkoop nie.
- Slegs ‘n gemagtigde persoon mag die seël of slot van ‘n elektrisiteitsmeter of veiligheidstoestel verwyder, daarmee peuter of dit oopbreek.
- Niemand mag ‘n elektrisiteitsmeter omlei nie.
- Niemand mag ‘n gebou of struktuur oprig of ’n boom of struik plant wat met die elektrisiteitstelsel kan inmeng of dit bedreig nie.
- Geeneen mag uitgrawings naby ‘n elektrisiteitsdistribusiestelsel doen nie.
- Geeneen mag enige deel van die elektrisiteitsdistribusiestelsel verwyder of beskadig nie.
- Geen ongemagtigde persoon mag elektrisiteit omlei of elektrisiteit verbruik wat wederregtelik omlei is nie.
- Eienaars moet seker maak dat bome en plante nie met die elektrisiteitstelsel inmeng nie.
- Die Munisipaliteit mag enige struktuur of hindernis wat met die elektrisiteitstelsel kan inmeng of dit kan beskadig, verwyder, en die oortreder sal vir die koste verantwoordelik gehou word.
- Geeneen behalwe ‘n gemagtigde beampte mag ‘n nuwe installasie aan die hoofleiding of diensaansluiting verbind nie.
- Wanneer die Munisipaliteit ‘n diens gediskonnekteer het, mag slegs ‘n gemagtigde beampte weer die diens aansluit.
- ‘n Verbruiker moet seker maak dat die elektrisiteitsinstallasie op sy of haar perseel behoorlik in stand gehou is en moet ‘n voldoeningsertifikaat aan die Munisipaliteit verskaf alvorens die elektrisiteit na die perseel aangesluit word.
- By verandering van eienaarskap moet die vorige eienaar die Munisipaliteit twee werksdae vooraf skriftelik kennis gee dat hy of sy van plan is om nie meer die elektrisiteitsvoorsiening te gebruik nie.
- Die verbruiker is vir enige skade aan of verlies van metertoerusting verantwoordelik.
- Die Munisipaliteit het die reg om metertoerusting te toets.
- Die verbruiker kan die Munisipaliteit versoek om metertoerusting te toets na betaling van die voorgeskrewe fooi. Indien dit blyk dat die meter nie aan die akkuraatheidvereistes van die stelsel voldoen nie, moet die toerusting aangepas word en die fooi aan die verbruiker terugbetaal word.

# Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening

## Nakomingsproses

- Inwoners moet elektrisiteit veilig en in ooreenstemming met die Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening gebruik ten einde te verseker dat die veiligheidstandaarde gehandhaaf word en skade aan die elektrisiteitsinfrastruktuur voorkom word.
- Vir algemene navrae oor elektrisiteitsvoorsiening, skakel die Stad Tshwane se Kliëntediens by 012 358 9999.
- Alternatiewelik kan 080 1111 556 of 012 358 3211 of 012 339 9111 tolvry geskakel word vir inligting oor elektrisiteit of die rapportering van moontlike oortredings.

## Gevolge van nienakoming

Die nakoming van die verordening en die behoorlike gebruik van elektrisiteit is belangrik in 'n omgewing waar elektrisiteit 'n waardevolle hulpbron is. Indien die verordening nie nagekom word nie, kan dit tot die volgende lei:

- Elektrisiteitsverbruik gaan nie gereguleer en gemoniteer word nie.
- Elektrisiteitsvoorsieningsinfrastruktuur gaan beskadig word.
- Die koste van elektrisiteitsvoorsieningsdienste gaan verhoog.
- Onwettige aansluitings sal onveilige toestande vir inwoners skep.

## Straf

Diegene wat nie die Verordening op Elektrisiteitsvoorsiening nakom nie, kan beboet word. Die oortreder sal ook die Munisipaliteit vir enige verlies of skade deur die oortreding veroorsaak, moet vergoed.





# Verordening op Soliede Afval





### Doelstellings van die verordening

Die Stad Tshwane se Verordening op Soliede Afval reguleer die berging, verwydering en wegdoen van soliede afval ten einde ‘n veilige omgewing vir inwoners te verseker.

*Wees lief vir jou stad.*
*Respekteer die omgewing.*
*Moenie rommel strooi nie.*

### Opsomming van die verordening

- Dit is die Stad Tshwane se verantwoordelikheid om die wegdoening van afval in Tshwane te beheer.
- Slegs die Stad Tshwane of sy gemagtigde verskaffer mag met die wegdoening van afval in Tshwane gemoeid wees.
- Elke perseel in Tshwane moet altyd afvalvry wees. Indien nie sal die Stad Tshwane op die koste van die eienaar of bewoner die afval verwyder of laat verwyder.
- Die bewoner wat die afval op die perseel veroorsaak, is vir die afvalrekening verantwoordelik tensy bewys gelewer word dat hy of sy nie meer die bewoner en/of die eienaar van die perseel is nie.
- Die Stad Tshwane moet binne sewe dae van enige afval of die herplasing/verskuiwing daarvan in kennis gestel word, waarna die Stad Tshwane die toepaslike diens moet lewer.
- Verantwoordelikheid vir die betaling vir die afvalverwyderingsdiens word op die datum van aflewering of verwydering van asblikke bepaal, soos bevestig deur die Stad Tshwane se rekords.
- Die Stad Tshwane kan dienste by persele wysig om by veranderinge in die hoeveelheid afval aan te pas.
- Alle afvalverwyderingshouers bly die eiendom van die Stad Tshwane en mag slegs vir die berging van besigheids-, huishoudelike en tuinafval gebruik word. Inwoners sal vir die verlies of opsetlike beskadiging van houers verantwoordelik gehou word. Inwoners moet die Stad Tshwane oor verlore of beskadigde houers inlig.
- Inwoners moet voldoende goedgekeurde bergingsfasiliteite vir alle tipes afvalhouers by hul persele voorsien. Hierdie fasiliteite moet aan die betrokke bouregulasies voldoen. Houers moet te alle tye in sodanige fasiliteite gehou word, behalwe op die vullisverwyderingsdag.
- Die Stad Tshwane mag die presiese plasing van houers vir verwyderingsdoeleindes bepaal.
- Afvalhouers moet voor 07:00 op die verwyderingsplek wat deur die Stad Tshwane aangedui is, geplaas word.
- Spesifieke afval (byvoorbeeld nat afval soos afvalkos, bou- of nywerheidsafval, huishoudelike afval, spesiale nywerheidsafval, gevaarlike en mediese afval) moet in die gespesifiseerde houers geplaas word.
- Afval moet altyd in goedgekeurde houers (bv vir kompos, afval, vloeistowwe, gevaarlike stowwe en herwinbare items) gehou word, tensy skriftelike goedkeuring van ‘n ander reëling deur die Stad Tshwane verleen is. Inwoners moet houers skoon en higiënies hou.
- Afvalhouers mag nie sonder die toestemming van die Stad Tshwane van ‘n perseel verwyder word nie.
- Die verdigting van afval op ‘n perseel moet vooraf deur die Stad Tshwane goedgekeur word.
- ‘n Vrywaringsbrief word van die bewoner of eienaar verlang indien afval van ‘n perseel verwyder moet word.
- Nywerheids-, spesiale nywerheids-, gevaarlike en mediese afval moet nie stof of besoedeling veroorsaak, ‘n oorlas wees of ‘n veiligheidsgevaar inhou nie, en die bergingsgebied rondom die afvalhouers moet altyd netjies en afval- en obstruksievry wees.
- Gemagtigde verwyderaars van nywerheids-, tuin-, spesiale huishoudelike en grootmaatafval moet volgens hul kontrakte hul afval by vullisterreine stort.
- Alle tuin-, spesiale huishoudelike en grootmaatafval moet verwyder word om te voorkom dat dit ‘n oorlas word of ‘n brandgevaar inhou.
- Tuinvullisterreine mag slegs vir tuinvullis deur inwoners gebruik word. Kontrakteurs van die Stad Tshwane en tuindienste moet tuinvullis slegs by aangewese opvullingsterreine stort.
- Houers vir bourommel kan met die skriftelike toestemming van die Stad Tshwane vir ‘n voorgeskrewe tydperk in die padreserwe geplaas word. Die eienaar se besonderhede en die voorgeskrewe reflekterende chevrons of reflektors moet op hierdie houers aangebring word, en die houers moet tydens vervoer toegemaak word.
- Die berging van boumateriaal buite die perseel of in die padreserwe is verbode.
- Bourommel moet by die Stad Tshwane se afvalterreine teen ’n voorafbepaalde tarief gestort word.
- Beamptes van die Stad Tshwane mag enige perseel betree om ‘n inspeksie uit te voer of verifikasie te bekom, en om die ontstaan en storting van alle tipes afval te ouditeer.

# Verordening op Soliede Afval






## Opsomming van die verordening

- Die reg op al die afvalverwyderingsterreine van die Stad Tshwane word voorbehou. Enigeen wat 'n afvalverwyderingsterrein betree, moet –
    - 'n gemagtigde toegangspunt gebruik;
    - indien nodig die afval beskikbaar stel om geweeg te word;
    - besonderhede oor die samestelling van die afval verskaf;
    - instruksies en reëls vir afvalverwydering nakom;
    - die toepaslike tarief betaal; en
    - die afval slegs op die voorgeskrewe tye stort.
- Toegang kan geweier word indien optrede in stryd met die verordening is, bv indien die spesifieke tipe afval nie by die spesifieke afvalverwyderingsterrein gestort mag word nie (bv, bourommel mag nie by 'n afvalverwyderingsterrein vir tuinvullis gestort word nie).
- Geeneen onder die invloed of in die besit van 'n bedwelmende middel word by 'n afvalverwyderingsterrein van die Stad Tshwane toegelaat nie.
- Brandende materiaal of chemikalieë wat 'n brandgevaar inhou word nie by die Stad Tshwane se afvalverwyderingsterreine toegelaat nie.
- Geen dierkarkasse of afvalvleisprodukte word sonder vooraf skriftelike toestemming by die Stad Tshwane se afvalverwyderingsterreine toegelaat nie.
- Alle privaat afvalverwyderingsterreine moet by die Stad Tshwane geregistreer wees.
- Geeneen mag in die openbaar rommel strooi of werknemers of mense onder hul beheer toelaat om rommel te strooi nie. Houers moet vir die doel voorsien word.
- Onwettige storting van afval is verbode. Onopgeëiste afval sal deur die Stad Tshwane verwyder word sonder om verantwoordelikheid vir enige skade te aanvaar.
- Diegene wat afval onwettig stort, sal opdrag gegee word om dit te verwyder. Indien dit nie gedoen word nie, sal die Stad Tshwane dit op die oortreder se koste verwyder.
- In die geval van 'n nietoeganklike perseel sal die bewoner of eienaar op eie koste die afval moet verwyder soos met die Stad Tshwane ooreengekom.
- Die bewoner of eienaar van 'n perseel is verantwoordelik vir die voorkoming of verwydering van onwettige afval op die perseel wat 'n oorlas of onhigiënies en onveilig is.
- Straatnommers moet duidelik sigbaar van die straat af wees.
- Herwinbare materiaal mag nie op 'n perseel geberg word nie aangesien dit 'n oorlas of 'n gevaar is.
- Herwinningsmaatskappye en -fasiliteite moet ooreenkomstig wetlike vereistes optree.
- Herwinbare materiaal moet by die plek van ontstaan gesorteer word.
- Wanbetaling vir afvalverwyderingsdienste wat deur die Stad Tshwane gelewer word, is 'n oortreding.
- Elke eienaar of bewoner van 'n perseel betaal 'n tarief vir stadsreiniging, ongeag wie die gemagtigde diensverskaffer is.
- Privaat diensverskaffers moet jaarliks by die Stad Tshwane aansoek doen om die hernuwing van afvalverwyderingsdienste of herwinningspermitte.

## Nakomingsproses

Inwoners moet die verordening nakom en nie onwettig rommel strooi of afval stort nie. Skakel die Stad Tshwane se Kliëntediens by 012 358 9999 vir meer inligting.
Vir navrae oor soliede afval, inligting oor afvalterreine en aansoeke om vullisdromme en -houers, skakel die tolvrye nommer vir afvalbestuur: 080 020 2103.
Inwoners moet te alle tye die korrekte afvalverwyderingsterrein en bergingshouer vir die betrokke tipe afval gebruik. Die swart houers met wieletjies is vir droë of huishoudelike afval bedoel, en die groen houers met wieletjies vir nat afval. Besighede wat voedselafval veroorsaak se afvalhouers moet daagliks verwyder word.
Indien houers nie leeggemaak word nie, skakel 012 358 9461.
Om navraag oor huishoudelike dromme te doen, skakel 012 358 0554/26.
Om navraag oor grootmaathouers te doen, skakel 012 358 0528/29.
Om te rapporteer dat 'n straat skoongemaak moet word, skakel 012 358 0549/59.
Om munisipale eiendom te rapporteer wat skoongemaak moet word, skakel 012 358 0547.

## Gevolge van nienakoming

Die nienakoming van die Verordening op Soliede Afval kan groot gesondheids- en omgewingsprobleme skep.

## Boetes

Inwoners wat nie die verordening nakom nie, kan beboet word. Indien die oortreding voortduur, kan die oortreder beboet word vir elke dag wat die oortreding begaan word. Indien die oortreder nie die afvalmateriaal (ruie plantegroei ingesluit) opruim nie, kan die Munisipaliteit dit doen en die koste teen die oortreder se rekening debiteer

# Gauteng: Regulasie op die Bestuur van Gesondheidsorg-risiko-afval, 2004

Die Regulasie is ooreenkomstig afdeling 24(c) van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989) uitgevaardig en bepaal die bestuur van gesondheidsorg-risiko-afval.

## Nakomingsproses

Vir besonderhede oor die nakoming van hierdie regulasie of om ‘n klagte oor nienakoming in te dien, skakel die munisipale gesondheidsdiens by 012 358 4656.

## Gevolge van nienakoming

Die nienakoming van die regulasie kan groot gesondheids- en omgewingsprobleme veroorsaak.

## Straf

Indien die regulasie nie nagekom word nie, sal ‘n kennisgewing wat nakoming versoek, uitgereik word. Indien die oortreding voortduur, kan regstappe gedoen en ‘n boete opgelê word.

# Verordening op die Aanhou van Bye

### Doelstellings van die verordening

Die Verordening op die Aanhou van Bye reguleer die aanhou van bye met behulp van 'n permitstelsel.

---

*Die Verordening op die Aanhou van Bye reguleer die permitte vir die aanhou van bye ten einde te verseker dat bye nie 'n openbare oorlas word of mense- en dierelewe bedreig nie.*

---

## Opsomming van die verordening

- Geeneen mag in Tshwane bye aanhou sonder 'n permit van die Munisipaliteit nie.
- Aansoek moet skriftelik gedoen word, en na goedkeuring daarvan moet die aansoeker 'n voorgeskrewe fooi betaal. Indien die bye slegs vir navorsings- of opvoedkundige doeleindes aangehou word, is 'n fooi nie betaalbaar nie.
- 'n Permit moet jaarliks hernu word en aansoek om hernuwing moet skriftelik gedoen word.
- 'n Permit kan teruggetrek word indien die houer nie die verordening nakom nie, of indien die bye 'n openbare oorlas is of mense- en dierelewe bedreig.
- Permithouers moet die volgende voorwaardes nakom:
  - Bye moet in 'n soliede, weerbestande byekorf aangehou word met afsonderlike verwyderbare rame vir heuningkoeke.
  - Byekorwe moet minstens 100 m weg van huise, sakepersele en aanhoudingsplekke vir diere en voëls wees.
  - Byekorwe moet deur 'n heining, muur of draad omhein word wat ten minste 1,5 m hoog en 5 m weg van enige gedeelte van 'n byekorf is.
  - Indien bye in stryd met die verordening aangehou word, kan die Munisipaliteit 'n kennisgewing aan die oortreder uitreik om die bye te verwyder of te vernietig. Indien die oortreder nie aan die kennisgewing gehoor gee nie, kan die Munisipaliteit die bye op die oortreder (bewoner of eienaar van die perseel) se koste verwyder of vernietig.
  - Indien bye menselewens bedreig, kan die Munisipaliteit die bye verwyder of vernietig sonder om 'n kennisgewing aan die bewoner of eienaar uit te reik.

## Nakomingsproses

Om 'n klagte oor bye in te dien of aansoek om 'n permit te doen, skakel die Munisipaliteit se Booysens-kwekery (Afdeling Omgewingsbestuur) by –

- tel 012 379 3123 of 012 377 0568; of
- faks 012 377 1431.

Om 'n klagte oor die aanhou van bye in te dien, faks 'n brief aan die Afdeling Omgewingsbestuur en verskaf die presiese adres waar die bye aangehou word en 'n uiteensetting van die probleme wat dit veroorsaak.

## Gevolge van nienakoming

Indien inwoners nie die Verordening op die Aanhou van Bye nakom nie, kan die lewe van mens en dier bedreig word.

## Straf

Indien inwoners nie die Verordening op die Aanhou van Bye nakom nie, kan hul beboet word.

# Verordening op Kredietkontrole

### Doelstellings van die verordening

Die Verordening op Kredietkontrole reguleer die betaling van munisipale rekeninge en die tariewe vir elektrisiteit-, gas- en waterverbruik, afvalverwydering, sanitasiedienste en eiendomsbelasting wat ooreenkomstig die waarde van die perseel en die rente op uitstaande bedrae gehef word.

*Die Verordening op Kredietkontrole reguleer die betaling vir munisipale dienste soos elektrisiteit en water ten einde seker te maak dat die dienste finansieel volhoubaar en koste-effektief is.*

### Opsomming van die verordening

- Die Munisipaliteit mag rente vra en invorder op enige agterstallige bedrae wat betaalbaar is.
- Indien betalings aan die Munisipaliteit deur ‘n bank gedishonoreer word, kan die Munisipaliteit die koste en administrasiefooie op die rekening van die wanbetaler hef.
- Alle regskoste wat tydens skuldinvordering aangegaan word, prokureur-en-eie-kliënt-koste ingesluit, sal op die debiteur se rekening gehef word.
- Strafgelde mag gehef word vir enige handeling om ‘n debiteur aan betaling te herinner of om betaling te eis.
- Indien ‘n diens as gevolg van die nienakoming van ‘n verordening gediskonnekteer word, kan ‘n diskonneksiefooi gehef word.
- Geen munisipale diens sal sonder die sluiting van ‘n diensooreenkoms met en die betaling van ‘n deposito aan die Munisipaliteit gelewer word nie.
- Kennisgewing van die beëindiging van die diensooreenkoms moet skriftelik wees.
- Die Munisipaliteit moet ‘n beleid oor kredietkontrole en skuldinvordering hê ten einde kredietkontroleprosesse te reguleer.
- Die Munisipaliteit mag dienste aan ‘n verbruiker beperk of diskonnekteer indien hy of sy –
    - nie vir die diens betaal nie;
    - nie by die voorwaardes hou nie;
    - dienste aan ‘n ander verbruiker verhinder;
    - verkeerdelik dienste aan ‘n ander verbruiker verskaf;
    - ‘n gevaarlike situasie skep of wetgewing oortree; en
    - onder sekwestrasie, likwidasie, insolvensie of geregtelike bestuur geplaas word.
- Die Munisipaliteit sal slegs dienste heraansluit indien die verbruiker aan die bepalings van die kredietkontrolebeleid voldoen of die volle bedrag wat geskuld was (die diskonneksie- en heraansluitingsfooi ingesluit) betaal het.
- ‘n Debiteur kan ‘n geskrewe, ondertekende ooreenkoms met die Munisipaliteit aangaan vir die betaling van die uitstaande saldo, koste en rente in opeenvolgende maandelikse paaiemente.
- Die registrateur van aktes of ‘n ander registrasiebeampte vir vaste eiendom mag slegs die oordrag van ‘n eiendom registreer indien die Munisipaliteit se voorgeskrewe sertifikaat voorgelê is. Die sertifikaat dui aan of daar ten volle vir dienste ten opsigte van die betrokke eiendom betaal is.
- Die Munisipaliteit mag tussen verskillende tipes belastingbetalers, verbruikers van dienste, kliënte, debiteure, belastings, dienste, diensstandaarde en ander sake onderskei.
- Die Munisipaliteit mag die name van wanbetalers aan organisasies verskaf wat inligting oor wanbetalers insamel.

### Nakomingsproses

Vir navrae oor kredietkontrole, skakel die Stad Tshwane se Kliëntediens by 012 358 9999.

### Gevolge van nienakoming

Indien inwoners nie die Verordening op Kredietkontrole nakom nie, sal die lewering van dienste soos elektrisiteit en water, sanitasie en afvalverwydering nie finansieel volhoubaar wees nie, en die stad se inwoners sal nadelig geraak word.

### Straf

Indien inwoners nie die Verordening op Kredietkontrole nakom nie, kan hulle ‘n boete of gemeenskapsdiens van tot ses maande opgelê word.

# Verordening op Eiendomsbelasting

## Doelstellings van die verordening

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika laat munisipaliteite toe om eiendomsbelasting in hul jurisdiksiegebied te hef. Die Stad Tshwane se Verordening op Eiendomsbelasting gee ‘n uiteensetting van verskillende kategorieë van eiendomme en eiendomseienaars met die oog op verskillende belastingkoerse en die toestaan van vryskelding, afslag of verlaging.

‘n Belasbare eiendom word op grond van die werklike gebruik van die eiendom gekategoriseer, en indien die eiendom in onbruik is, op grond van die toegelate gebruik of sonering van die eiendom, of die geografiese gebied waar die eiendom geleë is.

‘n Munisipale raad moet die belastingbeleid jaarliks hersien en aanpas indien nodig, en enige aanpassings aan die belastingbeleid moet die Munisipaliteit se jaarlikse begroting vergesel wanneer dit ooreenkomstig afdeling 16(2) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur aan die Raad voorgelê word.

*Die Verordening op Eiendomsbelasting reguleer die verskillende tipes belasbare eiendomme in die Tshwane-gebied. Die betaling van eiendomsbelasting stel die Munisipaliteit in staat om sy ontwikkelingsoogmerke vir die stad te bereik.*

## Opsomming van die verordening

- Eiendomsbelasting hang af van die kategorie waarin die eiendom val, byvoorbeeld:
    - Huishoudelike eiendom
    - Sake- en handelseiendom
    - Nywerheidseiendom
    - Munisipale eiendom (belasbaar)
    - Munisipale eiendom (niebelasbaar)
    - Eiendom in staatsbesit
    - Staatsdiens-infrastruktuur
    - Landbougrond
    - Onbesette landbougrond
    - Nietoelaatbare gebruik
    - Meerdoelige gebruik
    - Onbesette grond
    - Staattrustgrond
- Die Munisipaliteit kan sekere kategorieë van eienaars of eiendomme van die betaling van eiendomsbelasting vryskeld of ‘n korting of verlaging van die betaalbare belasting toestaan.
- Eienaars word in die volgende kategorieë ingedeel:
    - Behoeftige eienaars
    - Pensionarisse, liggaamlik en geestelik gestremdes
    - Eienaars wat tydelik sonder ‘n inkomste is
    - Eienaars van huishoudelike eiendomme
    - Grondhervormingsbegunstigdes
    - Sportliggame
    - Openbare bystandsorganisasies
- Die Munisipaliteit hersien jaarliks die eiendomsbelasting as deel van die begrotingsproses.
- Eiendomsbelasting moet maandeliks betaal word en word ooreenkomstig die Verordening op Kredietkontrole ingevorder (kyk vorige bladsy).
- Die Munisipaliteit moet elke drie jaar ‘n algemene waardasie van alle belasbare eiendom in Tshwane uitvoer en ‘n waardasierol opstel. Aanvullende waardasies word deurlopend uitgevoer.

## Nakomingsproses

Vir navrae oor eiendomsbelasting, skakel die Stad Tshwane se Kliëntediens by 012 358 9999.

## Gevolge van nienakoming

Indien inwoners nie die Verordening op Eiendomsbelasting (en Verordening op Kredietkontrole) nakom nie, kan die Munisipaliteit nie sy ontwikkelingsdoelwitte nakom nie.

# Stad Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008

### Doelwit met die dorpsbeplanningskema

Ooreenkomstig afdeling 19 van die Ordinansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, is die doelwit van 'n dorpsbeplanningskema die gekoördineerde en harmonieuse ontwikkeling van die gebied om die gesondheid, veiligheid, goeie orde, gerief, gemak en algemene welstand van die gebied, asook die doeltreffendheid en ekonomie van die ontwikkelingsproses, te verseker. Die ontwikkelingspotensiaal van grond in Tshwane word deur die Stad Tshwane se Dorpsontwikkelingskema van 2008 bepaal en beheer.

*'n Plaaslike owerheid sal sonder 'n dorpsbeplanningskema geen beheer oor die aard van aktiwiteite op 'n eiendom of die impak daarvan op naburige eiendomme hê nie. Sonder 'n skema sal daar geen kontrole oor die werklike aktiwiteite op eiendomme of op die hoogte of omvang van geboue wees nie; eiendomseienaars sou so naby as wat hulle wil aan eiendomsgrenslyne kon bou, en die enigste beperking sou die Nasionale Bouregulasies en die Wet op Boustandaarde, 1977 wees. Ontwikkelaars sou nie parkering op die terrein moes verskaf nie en ook nie enige bydrae tot die opgradering van grootmaatinfrastruktuur by nuwe ontwikkelings moes maak nie. Die prys wat die gemeenskap sou moes betaal sou onberekenbaar wees, en dit sou verlore geleenthede ingesluit het omdat ontwikkelaars en beleggers uit gebiede van groot onsekerheid vlug na gebiede waar die risiko laer is.*

### Opsomming van die Stad Tshwane se Dorpsbeplanningskema

Die Stad Tshwane se Dorpsbeplanningskema, 2008, is ooreenkomstig die Ordinansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, en die Gauteng Wet op Beplanning en Ontwikkeling, 2003, opgestel. Dit bepaal die algemene reëls vir die ontwikkeling van eiendomme en spesifiek –

- die gebruik van 'n eiendom (sonering van grondgebruik);
- die ontwikkelingsdigtheid van 'n eiendom (aantal eenhede of die grootte van die gebou); en
- die ontwikkelingsbeheer, naamlik die hoogte, grootte (omvang of vloerarea of vloer-area-verhouding) en omvang van die ontwikkeling (boulyne, boubeperkings), en parkeer- en toegangsaangeleenthede.

Elke eiendom in 'n dorpsbeplanningskema het 'n spesifieke gebruiksonering wat aan 'n aantal ontwikkelings- en digtheidkontroles gekoppel is. Dié kontroles is die *ontwikkelingsregte* van die eiendom en beïnvloed sy waarde. In die algemeen sal 'n eiendom met regte vir 'n kleinhandelsentrum 'n hoër markwaarde hê as 'n eiendom met 'n soortgelyke ligging maar regte vir 'n enkele woonhuis. Omdat hierdie regte waarde het, sal die verandering daarvan die eiendom se waarde beïnvloed. Die Ordinansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, laat daarom 'n eiendomseienaar toe om vergoeding van 'n plaaslike owerheid te eis indien die plaaslike owerheid die regte op 'n eiendom verander.

Die Tshwane Dorpsbeplanningskema bestaan uit –

- skemaklousules (die algemene stel reëls, ingesluit wat in elke sone toelaatbaar is en watter ontwikkelingsbeheer op verskillende tipes ontwikkeling van toepassing is);
- kaarte (wat die spesifieke regte of sonering van elke eiendom in die skemagebied visueel aandui);
- aanhangsel of skedule bestaande uit die regte wat verskil van die standaardregte in die skemaklousules (die jongste toepassings is aan 'n aanhangsel of skedule onderworpe, wat 'n groot databasis van niestandaardgebruiksonerings tot gevolg het); en
- 'n GIS-databasis van elke eiendom in Tshwane wat sy sonering en basiese ontwikkelingsbeheer soos hoogte, dekking en vloer-area-verhouding aandui.

Die  Dorpsbeplanningskema is 'n gedetailleerde rekord van die toepaslike ontwikkelingsbeheer op enige spesifieke eiendom. Dit is ook 'n volledige databasis van die toepaslike grondgebruiksregte op enige gegewe eiendom in Tshwane.

# Stad Tshwane Dorpsbeplanningskema, 2008

## Nakomingsproses

Afhangende van die aard van nienakoming, moet die eiendomseienaar aansoek om die vestiging van 'n dorpsgebied op plaasgrond doen, of 'n aansoek om hersonering of toestemmingsgebruik indien. Dit moet gedoen word *alvorens* oortredingsgebruik uitgeoefen kan word. 'n Eienaar kan ook aansoek om die verslapping van sekere ontwikkelingsvoorwaardes doen. Nege handleidings wat handel oor aansoekprosedures, dokumente wat ingedien moet word en inligting wat benodig word, is by die volgende munisipale kantore beskikbaar:

- Akasia: Stadsbeplanningsgebou (langs die kliniek), Heinrichlaan 485, Karenpark, Akasia. Tel: 012 358 9110
- Centurion: Kamer 8, Dorpsbeplanningkantoor, hv Basden- en Rabiestraat, Centurion. Tel: 012 358 3883
- Pretoria: Kamer G10, Grondvloer, Munitoria, hv Vermeulen- en Van der Waltstraat, Pretoria. Tel: 012 358 4833

## Gevolge van nienakoming

Nienakoming van die ontwikkelingsvoorwaardes van die Tshwane Dorpsbeplanningskema beteken dat die eienaar terselfdertyd nie die voorwaardes van die Ordinansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 nakom nie. Die nienakoming kan 'n nadelige invloed op die algemene omgewing en die eienaars in die omtrek hê, en kan tot 'n verlies aan inkomste vir die Munisipaliteit lei weens die foutiewe heffing van eiendomsbelasting op grondgebruik (kyk Verordening op Eiendomsbelasting).

## Straf

Eienaars moet onmiddellik gehoor gee aan 'n kennisgewing om 'n oortreding te staak, waarna hulle aansoek om die wettiging van die nienakoming kan doen. By gebreke aan die voorgaande kan die oortreder voor die hof gedaag word soos bepaal in die betrokke afdelings van die Raamwerk vir Grondgebruiksnakoming. Indien die eienaar skuldig bevind word, kan die hof 'n boete oplê en eis dat die nienakoming onmiddellik gestaak word.

Om 'n vermeende oortreding van dorpsbeplanningsregulasies te rapporteer of meer inligting oor die afdwinging van die Dorpsbeplanningskema te bekom, skakel die volgende telefoonnommers:

Nakoming en afdwinging van ontwikkeling

Hanteer onwettige grondgebruik en buitelugreklame.

E-posadres vir algemene klagtes: landusecomplaints@tshwane.gov.za

| | | |
|---|---|---|
| Sentraal- en Oosstreek: | Tel: | 012 358 8761 |
| | Faks: | 012 358 4588 |
| | Kamer 510, 5de vloer, Rondaliagebou, Pretoria (middestad) | |
| Noordoos- en Wesstreek: | Tel: | 012 358 4568 |
| | Faks: | 012 358 4590 |
| | 1ste vloer, Kudugebou, Marijastraat 244, Sinoville | |
| Suidstreek: | Tel: | 012 358 3899 |
| | Faks: | 012 358 3900 |
| | 1ste vloer, Blok L, Crystal Park Kantore, Basdenlaan, Lyttelton | |
| Onwettige buitelugreklame: | Tel: | 012 358 4582 / 8688 |
| | Faks: | 012 358 4588 |

# Verordening op Dwelmafhanklikheid

## Doelstellings van die verordening

Op nasionale vlak word middels soos dwelms en drank deur die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet 140 van 1992), en die Drankwet, 2003 (Wet 59 van 2003) gereguleer. Die Stad Tshwane het sy Verordening op Dwelmafhanklikheid opgestel om meganismes vir die vestiging van ‘n plaaslike dwelmaksiekomitee te skep en om die Munisipaliteit se bydrae tot die bestryding van dwelmafhanklikheid te omskryf.

*Die Verordening op Dwelmafhanklikheid omskryf die verskillende maniere waarop die Munisipaliteit tot die bestryding van dwelmafhanklikheid kan bydra ten einde maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling en ‘n veilige en gesonde omgewing te bevorder*

## Opsomming van die verordening

- Die verordening maak voorsiening vir die vestiging van ‘n Tshwane-dwelmaksiekomitee bestaande uit verteenwoordigers van die nasionale, provinsiale en plaaslike regering, rehabilitasie- of behandelingsorganisasies, navorsingsinstansies, gemeenskapstrukture of -organisasies, nieregeringsorganisasies, die privaat sektor en georganiseerde sake, stadsverbeteringsdistrikte en enige ander struktuur wat ‘n bydrae tot die bestryding van dwelmafhanklikheid kan lewer.
- Die plaaslike dwelmaksiekomitee moet ’n aksieplan opstel en implementeer om die verskillende tipes dwelmafhanklikheid te bestry.
- Die Munisipaliteit lê klem op opvoedkundige instellings, ouers, voogde en opvoeders om mense van dwelmafhanklikheid en die voorkoming daarvan bewus te maak en daaroor op te voed.
- Die Munisipaliteit verleen hulp met die verspreiding van inligting oor die bestryding van dwelmafhanklikheid, veral aan instansies wat aandag aan die probleem kan gee.
- Die Munisipaliteit sal ook by die dwelmafhanklikheid-misdaad-probleem ingryp:
  - Vredesbeamptes van die Munisipaliteit sal gesamentlike operasies met die polisie uitvoer om dwelmafhanklikheid in Tshwane hok te slaan.
  - Die Munisipaliteit sal hulp met afleidingsprogramme vir oortreders verleen.
  - Die Munisipaliteit sal die geleenthede vir dwelmverwante misdaad tot die minimum beperk deur openbare plekke doeltreffend te ontwerp.
  - Die Munisipaliteit sal aan die voorpunt staan van programme om maatskaplike misdaad te voorkom, en kan sport-, kuns-, kultuur- en ontspanningsaktiwiteite gebruik om negatiewe maatskaplike gedrag of invloede te beperk.
  - Die Munisipaliteit mag drank by sekere geleenthede verbied.
- Die volgende het betrekking op lisensies wat die Munisipaliteit aan vermaaklikheidsplekke uitreik (kyk bladsy 9 en 10 oor die Sakewet):
  - ‘n Lisensie mag nie toegestaan word aan ‘n persoon wat aan ‘n dwelmoortreding skuldig bevind is nie.
  - ‘n Lisensie kan teruggetrek word indien die lisensiehouer skuldig bevind word aan die verkoop van drank aan ‘n minderjarige.
  - Vermaaklikheidsplekke vir volwassenes sal kliënte se identiteitsdokumente nagaan om seker te maak dat hulle bo 18 is.
  - Mense by vermaaklikheidsplekke kan vir dwelms getoets word.
- Die Munisipaliteit sal gemagtigde beamptes nomineer om aktiwiteite by munisipale vermaaklikheidsplekke en eiendom te moniteer. Indien dwelmaktiwiteite vermoed word, moet sodanige vermoedens onmiddellik aan die polisie oorgedra word.
- Indien ‘n perseel vir die verbouing of vervaardiging van onwettige dwelms en drank gebruik word –
  - sal die eienaar of bewoner verantwoordelik wees vir alle koste wat die Munisipaliteit aangaan om die perseel en omringende gebied veilig en skoon te maak;
  - sal die Munisipaliteit die elektrisiteitstoevoer aan die perseel afsny en die watervoorsiening beperk, met die uitsondering van gevalle waar elektrisiteit en/of water gesamentlik aan verskillende persele verskaf word en nie apart afgesny of beperk kan word nie;
  - sal die Munisipaliteit die voorsiening van elektrisiteit en water aan die perseel ten volle herstel slegs nadat alle dwelminfrastruktuur verwyder is en inspeksies deur brandveiligheid-, gesondheid- en bouinspekteurs aantoon dat die perseel aan brand-, gesondheid-, bou- en dorpsbeplanningsregulasies en -standaarde voldoen; en
  - sal die eienaar of bewoner van die perseel verantwoordelik gehou word vir die heraansluitingskoste van die elektrisiteit en water, asook vir die inspeksiekoste.
- Geeneen mag enige item met ‘n simbool, kenteken of beeld van ‘n onwettige dwelm of onwettige dwelmgebruik verkoop nie.
- Straathandelaars mag nie medisyne verkoop nie.

# Verordening op Dwelmafhanklikheid

- Geeneen mag oplosmiddelgebaseerde of bedwelmende hegmiddels of gom aan enigiemand jonger as 18 jaar verkoop nie.
- Die Munisipaliteit sal problematiese drankafsetpunte by die betrokke nywerheidstrukture rapporteer.
- Die Munisipaliteit sal voorskrifte vir die regulering van buitelugreklame van drank opstel.

## Nakomingsproses

- Om inligting te bekom oor die lisensiëring van vermaaklikheidsplekke (nagklubs, bioskope, ens) kyk bladsy 9 en 10.
- Vir navrae oor buitelugreklame (plakkate, kennisgewingborde, ens) kyk bladsy 15 en 16.
- Om onwettige dwelmaktiwiteite te rapporteer (bv moontlike verkoop van dwelms), kontak die naaste polisiestasie.
- Vir misdaadvoorkomingsdienste, skakel die Tshwane Metropolitaanse Polisiediens by 012 358 7095/6, of –
  - 012 358 3754/3016 vir voorkoming van maatskaplike misdaad; en
  - 012 358 3714/6408 vir misdaadvoorkoming deur omgewingsontwerp.
- Om problematiese vermaaklikheidsplekke, voedsel- of drank-afsetpunte te rapporteer, skakel die Stad Tshwane se sentrum vir die afdwinging van verordeninge by 012 359 0070.

## Gevolge van nienakoming

Die Verordening op Dwelmafhanklikheid is ontwerp om 'n omgewing te skep wat nie bevorderlik vir dwelmafhanklikheid en misdaad is nie. Indien inwoners nie die verordening nakom nie, kan die dwelmafhanklikheidsprobleem vererger en ons samelewing en ekonomie skade berokken.

## Straf

Inwoners wat nie die verordening nakom nie kan 'n boete of tronkstraf van hoogstens 24 maande of beide opgelê word. In die geval van 'n voortdurende oortreding kan die oortreder 'n bykomende boete ontvang vir elke dag wat die oortreding voortduur.

# Algemene inligting

## Waar is die Stad Tshwane se verordeninge beskikbaar?

Die verordeninge van die Stad Tshwane kan by die naaste Kliëntedienssentrum of op die Stad Tshwane se webblad by www.tshwane.gov.za gelees word. Kliek op 'Residents' bo-aan die skerm, kliek dan (onder 'Legal Services') op 'By-law Listing', en dan op 'Promulgated By-laws' om die verordeninge te lees.

## Kontak die Stad Tshwane

| | | |
|---|---|---|
| **Kliëntediens:** | Tel: | 012 358 9999 |
| | Tolvry: | 080 111 1556 |
| **Sentrum vir die afdwinging van verordeninge:** | Tel: | 012 358 0070 |
| | Tolvry: | 080 111 1556 |
| | (opsie 1 vir brand, ambulans en polisie, en dan opsie 3 vir sentrum vir afdwinging van verordeninge) | |